die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 364 • September 2023



LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Kor. 1:23-24*

September 2023 | No. 364

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Bybelse manlikheid


### REDAKSIONEEL
**Ds. Schalk Strauss**
"Manwees" in 'n ontmande wêreld ........ 1

### AMPTELIK ........ 3

### ONTVANG DIE WOORD
**Ds. Dewald Cronjé**
'n Man soos Christus kan nie sonder Christus nie! ........ 4

### HOOFARTIKEL
**Ds. Markus Mattheus**
Hoe moet ons Bybelse manlikheid verstaan? ........ 6

### ARTIKELS
**Ds. Diederich Kleynhans**
Die kerk en die markplein het mánne nodig ........ 8

**Ds. Joseph Steyn**
Hoe leef ek my Christelike manlikheid uit wanneer my vrou die hoofbroodwinner is? ........ 10

**Marguerite Brink**
Leesstof en kykstof wat gesonde geslagsrolle bevorder ........ 14

**Prof. Vern Poythress**
Hoe ek my seuns gehelp het om Christenmanne te word1 ........ 16

**Ds. Gideon Aggenbag**
Is Bybelse mans "sagte seuns"? ........ 20

**Douglas Wilson**
"Manlikheid sonder permissie" ........ 22

### AKTUEEL
Bybelwoordblok ........ 12
Antwoorde: Bybelwoordblok (Julie/Augustus 2023, bl. 11) ........ 28
Huldeblyk: Ds. Flip Olivier ........ 19
Gemeentenuus ........ 24
Dokumentêrbekendstelling: *What is a woman?* ........ 13
Smeltoond: KERK WEES – ter wille van KERKWEES! ....... **binne agterblad**

### IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER
**Dr. Pieter Möller**
Die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk en die voortbestaan van die Afrikanerdom ........ 30

### VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER
**Charlotte Fourie**
Kry 'n ruggraat, nie 'n wensbeen nie! ........ 31


**VOORBLAD:**
**Bybelse manwees beteken ten diepste om die skild van geloof nie net vir jou eie beskerming te lig nie, maar ook vir jou gesin.**


**REDAKSIE**

**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss

**Subredakteur**
Mev. C Möller

**Redaksielede**
Di. RK Combrink,
HJ Dafel, A Hough

**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za

**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

---

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

---

Gedruk en gebind deur:

BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:

Lig in Duisternis
UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za





# "Manwees" in 'n ontmande wêreld

**Ds. Schalk Strauss**

Die bekende Amerikaanse YouTube-sensasie verbonde aan die Daily Wire, Matt Welsh, het onlangs 'n baie interessante dokumentêr vervaardig met die titel: *What is 'n woman?* In 'n wêreld waarin daar weens al die genderpolitiek groot verwarring heers oor wat nou regtig "vrou" is, is dit 'n baie relevante vraag. Die oomblik as jy egter hierdie vraag vra, dan dwing dit jou ook om te vra: Wat is 'n man? Hoe sal ons in ons dag 'n ware man definieer?

Wanneer ons om ons kyk en sien hoe die wêreld besig is om mans as't ware te "ontman", raak dit 'n baie dringende vraag waarop ons blykbaar nie altyd die antwoord ken nie. Aan manwees kleef daar deesdae net soveel melaatsheid as aan wit wees. Terminologie soos "toksiese manlikheid" word gebruik om tradisionele sienings van manwees te beskryf. Natuurlik is daar sekere uitdrukkings van manlikheid wat met reg as toksies of dalk eerder "sondig" beskryf kan word, maar die probleem is dat ook sekere goeie aspekte van die tradisionele verstaan van manwees, deesdae as "toksies" beskryf word. Dit sluit homofobiese of antifeministiese gedrag, wat oënskynlik uit 'n sekere optrede af te lei is, in. Selfs iets soos 'n sterk persoonlikheid en die natuurlike geneigdheid om leiding te neem, word onder hierdie gemene deler geplaas.

**Een van die redes waarom ons hierdie skeefgetrekte idees oor manlikheid kry, is omdat ons in 'n wêreld leef waarin feministe toegelaat word om, vanuit 'n posisie van absolute weersin en vyandigheid, te bepaal wie en wat 'n man behoort te wees. Patriargale sisteme en manlike hoofskap word só gekritiseer, dat ware manlikheid deesdae 'n baie vroulike, onderdanige en swak gestalte aangeneem het.**

Dit skep natuurlik spanning, want daar is 'n natuurlike aanvoeling dat dinge nie reg is nie. In Novembermaand groei mans hul snorre en baarde as deel van 'n bewusmakingsveldtog vir manlike gesondheidsprobleme. Tog sien 'n mens deesdae baie meer mans met baarde rondloop. Dit mag dalk deur baie as 'n modegier beskryf word, maar dalk is dit 'n manier om weerstand te bied teen 'n samelewing waarin mans nie meer toegelaat word om man te wees nie. Dit is 'n uitdrukking van onderdrukte frustrasie. Dit roep uit: Ek is anders, so laat my toe om anders te wees!

Die probleem is egter dat, buiten vir baarde en snorre, baie van ons nie meer weet wat dit is om waarlik 'n man te wees nie en sodoende in die hand speel van hulle wat krities oor manwees is.

**Ons dink om met kakieklere en wys-jou-vleisbroekies rond te loop, van ons manne maak. Ons dink om, daar waar niemand ons kan sien of kan hoor nie, ons vrouens te verneder of te verskree asof hulle blote voorwerpe is, van ons mans maak.**

Ons leer ons seuns dat ware manwees beteken dat jy voor jy uit matriek is, darem al saam met 'n meisie moes slaap. Hoe meer jy kan drink, hoe harder jy partytjie kan hou en hoe hoër onder die rok in jy kan praat, hoe "manliker" is jy. Partykeer gaan ons darem so ver as om te sê: As jy 'n goeie werk het of getroud is, dan is jy 'n man.

Ongelukkig werk die vroulike geslag se optrede hierdie verwarring dikwels in die hand. Die opkoms van feminisme en die gelykheidsbeweging wat eis dat mans en vroue gelykgestel word, lei daartoe dat al hoe meer meisies deesdae nie eintlik mans soek wat sterk leiding neem of standpunt inneem nie. Hulle wil nie "oordonder" word nie, maar in der waarheid wil hulle nie "gelei" word nie. Die wêreld het Adams nodig wat bereid is om vir Eva te sê om nie van die boom in die middel van die tuin se vrugte te eet nie. Helaas! Die wêreld soek Adams wat gedwee die verbode vrugte uit Eva se hand neem omdat hy nie haar gevoelens wil seermaak nie.

As gelowiges moet ons versigtig wees dat ons nie God se reg om ons te definieer aan die wêreld afstaan nie. Wat ons samelewing nodig het, is 'n manlikheid wat die heerlikheid van God, ons Vader weerspieël. In 1 Konings 2:2-3 gee Dawid sy laaste bevele aan Salomo kort voordat hy sterf:

> *Ek gaan heen op die weg van die hele aarde: wees dan sterk en word 'n man; en onderhou die ordening van die HERE jou God deur te wandel in sy weë, deur sy insettinge, sy gebooie en sy verordeninge en sy getuienisse te onderhou, soos geskrywe is in die wet van Moses, sodat jy voorspoedig kan uitvoer alles wat jy doen, en alles waartoe jy jou begewe ...*

"Word 'n man," is Dawid se opdrag. Die eerste afleiding wat ons maak, is dat volwassenheid nie noodwendig dieselfde is as om 'n man te wees nie. In dié opsig is daar baie seuns wat meer man is as baie volwasse mans. Dawid sit hierdie manlikheid uiteen:

Die eerste karaktereienskap van Bybelse manlikheid is om sterk te wees. Dit gaan nie oor fisieke krag nie, maar 'n innerlike krag. Dit het te doen met standvastigheid, om te staan vir die dinge waarin jy glo en integriteit. Dit gaan daaroor om ferm te wees oor beginselsake en om die moed te hê om onder druk op te staan en te doen wat reg is. Dit sluit ook in om sterk te staan en jou nie deur jou vleeslike begeertes te laat oorheers nie.

Ironies genoeg gaan hierdie krag met 'n sekere soort swakheid gepaard – om swak te wees voor God en deur sy krag in Christus oorweldig te word. Sy krag word immers in ons swakheid volbring.

**'n Ware man is dus swak voor God, maar sterk teenoor die wêreld. 'n Ware man weet sy krag lê nie in homself of sy eie vermoëns nie. 'n Ware man weet dat sy manlikheid nie bepaal word deur sy prestasies, sy geld, sy haarstyl of sy kleredrag nie, maar deur sy verbintenis aan Jesus Christus.**

Die tweede karaktereienskap wat Dawid hier noem, is gehoorsaamheid aan God se wil soos wat Hy dit in sy Woord aan ons bekendmaak. Dit gaan gepaard daarmee om te staan vir wat reg is volgens God se Woord. Daarom hanteer ware mans vroue met respek en het hul eie vrouens lief, soos Christus die gemeente liefhet. 'n Ware man neem gehoorsaam sy verantwoordelikheid op om sy kinders in die vrese van die Here groot te maak. 'n Ware man sorg nie net materieel vir sy gesin nie, maar ook geestelik. 'n Ware man is self iemand van inbors en 'n voorbeeld van Godvresendheid, omdat hy hom neerbuig voor die Koning van alle konings.

Wanneer ons in hierdie uitgawe die onderwerp van Bybelse manlikheid ontgin, ontdek ons dat 'n man nie 'n man is net omdat hy 'n snor of 'n baard het nie, maar omdat God hom so gemaak het. 'n Man is egter eers waarlik man in die volle sin van die woord, wanneer hy in nederigheid die HERE vrees.

### Lig in Duisternis Uitgewers gee erkenning aan skrywers se uitmuntende bydraes by die jaarlikse prysuitdeling



AGTER: Ds. Johan Schütte, dr. Erik van Alten, Pieta Oosthuizen en Flip Buys
VOOR: Charlotte Möller, prof. Koos Adendorff en ds. Jan Brink

**ALGEHELE WENNER VAN DIE 2022 LIG IN DUISTERNIS-PRYS**
Deur die oë van 'n man – Pieta Oosthuizen

**KATEGORIE: TEOLOGIESE WERK**
Openbaring – Die boek van die voleinding – prof. Koos Adendorff

**KATEGORIE: JEUGPUBLIKASIE**
Die avonture van ApPelKie die muis – ds. Jannie Bisschoff

**KATEGORIE: ARTIKEL IN *DIE BOODSKAPPER***
**Kategoriewenners:** *Die dag toe Dordt 'n storm in Afrika veroorsaak het: Die doop van kinders wat uit slawe gebore is* – ds. Johan Schütte, in samewerking met Charlotte Möller (Oktober 2022)
**Spesiale vermeldings:** *Geloftedag: Is die viering daarvan 'n struikelblok vir ware vrede (versoening) in Suid-Afrika?* (dr. Petrus Venter) • *Bybelse geregtigheid versus valse geregtigheid* (dr. Chris Saayman) • *Om 'n verbond te sny* (dr. Erik van Alten) • *Herontdek Van Riebeeck se skatkis* (Flip Buys) • *My kind oorweeg selfmoord, hoe gemaak?* (dr. Helena Erasmus) • *Die kroon en die kerk: Wie het die vuur by die lont gebring?* (Charlotte Möller)

**KATEGORIE: DAGSTUKKIES**
**Kategoriewenner:** Dagstukkies vir Maartmaand 2022
Tema: Verhoudings (ds. Aubrey Hough)
**Spesiale vermeldings:** Dagstukkies vir Augustusmaand 2022
Tema: Rentmeesterskap (ds. Jan Brink)

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Joubert Ferreira (Hoedspruit) na Frankfort.
- Ds. Markus Mattheus (Barkly-Oos/Steynsburg/Stormberg/Tarkastad) na Benoni.
- Ds. Dewald Cronjé (Albertiana/Riversdal) na Frankfort.

### Beroepe bedank

- Ds. Joubert Ferreira (Hoedspruit) na Frankfort.
- Ds. Markus Mattheus (Barkly-Oos/Steynsburg/Stormberg/Tarkastad) na Benoni.

## UIT DIENS GETREE

Ds. Johan Verdoes (Olifantshoek/Postmasburg) het op 14 Julie 2023 bedank as lidmaat en leraar.

## VERLIES VAN STATUS

Ds. Gerhard Blom (Christiana) is op 9 Augustus 2023 tydens 'n gesamentlike vergadering van die Ringe van Kimberley en Migdol afgesit as leraar kragtens Artikel 57.4.3.

## STERFTES

- Ds. Flip Olivier is op 16 Junie 2023 oorlede.
- Ds. Gert Visser is op 20 Julie 2023 oorlede.

Ons bid hulle naasbestaandes die troosryke nabyheid van die Here toe.

## SKOOLKWARTALE 2023

Derde kwartaal: 18 Julie – 29 September
Vierde kwartaal: 10 Oktober – 13 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2023

Derde kwartaal: 17 Julie – 29 September
Vierde kwartaal: 9 Oktober – 8 Desember

## SKOOLKWARTALE 2024

Eerste kwartaal: 17 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 3 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 9 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 1 Oktober – 11 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2024

Eerste kwartaal: 17 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 2 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 8 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 30 September – 11 Desember

## Beplande verskyningsdatums 2023

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Oktober** | 15 Augustus | 28 September |
| **November** | 14 September | 26 Oktober |
| **Des. 2023/Jan. 2024** | 13 Oktober | 27 November |

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2023

| | |
|---|---|
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **25 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **30 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2024

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **29 Maart*** | Goeie Vrydag |
| **1 April*** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Mei** | Hemelvaart |
| **19 Mei** | Pinksterfees |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **17 Junie*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **27 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |



# ’n Man soos Christus kan nie sonder Christus nie!

**Ds. Dewald Cronjé**[1]

**Skriflesing:** Johannes 13:1-20 • **Sang:** Ges. 8; Ps. 116:1-3; Ges. 319:1-3

Toe God die mens gemaak het (vgl. Gén. 1:26), het Hy besluit om ’n wese te skape wat sy beeld en gelykenis sal wees; ’n sigbare openbaring van die heerlikheid van die onsigbare Een. Toe die mens vrywillig in sonde val, het hy uit sy hoë roeping geval. Maar God het nie sy doel met die mens laat vaar nie! Die sentrale gedagte van God se openbaring aan Israel was: ... *wees heilig, want Ek is heilig* ... (Lev. 11:44). Die vlees is die ou lewe wat wesenlik aan die wet van die sonde verbonde is. Dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie (vgl. Rom. 8:7). Ek móét volkome met die kruisdood van die Here Jesus identifiseer en sodoende die oue mens wat deur die begeerlikheid van die sonde ten gronde gaan, aflê en myself met die nuwe mens beklee (vgl. Efés. 4:22-24). Hierdie oproep kom ook tot ons mans: Om ’n man soos Christus te wees, kan nie sonder Christus gebeur nie

Die primêre doel van elke mens (ook elke man) se lewe is een van Christusgelykvormigheid. Die lewe en sterwe van die Here Jesus was nie net ter wille van die versoening van ons sondes nie, maar ook as ’n voorbeeld waaraan ons deur die krag van die Heilige Gees gelykvormig moet word. Hy is nie net ons verlossing nie, maar ook ons voorbeeld en heiligmaking. In Hom is die Godgelykvormigheid waarvoor ons geskape is, in menslike gestalte geopenbaar, wat elke man persoonlik moet aanneem om dit sy eie te maak. Die begeerte na ons lang verlore gelykvormigheid aan God moet opgewek word wanneer ons na Christus kyk, spesifiek na die aangrypende gebeure in die bovertrek toe Hy sy dissipels se voete gewas het. In hierdie gedeelte word manne geleer wat dit beteken om waarlik Godvresende manne vir God in Christus Jesus te wees. Dit omsluit alle aspekte van ons daaglikse bestaan en optrede: in die huwelik en gesin, by die kerk, by die werksplek, rondom die braaivleisvuur, tussen vriende – orals.

## Voorbeeld van diensbaarheid

Die Here Jesus het die voete van sy dissipels gewas sonder dat hy gevra is om dit te doen; sonder die verwagting van ’n beloning. Hulle was waarskynlik geskok oor sy aksie, want hulle moes eintlik oor mekaar geval het om sý voete te was. Maar dit het nooit in hul gedagtes opgekom om Hom te bedien nie. Blykbaar het hulle almal gewag vir iemand anders om hulle te bedien. Hý het dit egter met ’n gewillige hart gedoen.

Die Here Jesus het diegene gedien wat nie verdien het om gedien te word nie. Hy was die voete van ’n Simon Petrus, ’n Judas Iskáriot, van die ander tien – manne wat verloën, verraai en uiteindelik in vrees weggehardloop het. Die Here het dit alles geweet en tog het Hy hulle almal gedien. Hy gebruik die geleentheid om hulle te leer waaroor ware diensknegskap gaan.

Die meeste van ons (ook manne) is soos die dissipels – ons het nie ware diensknegharte nie. Ons wil bedien word, maar is nie bereid om ander te dien nie.

## Ons herken Hom as Here in sy dienende voorbeeld

Alles wat die Here Jesus daardie nag gedoen het, herinner ons aan wie Hy is en waarom Hy na hierdie wêreld gekom het. Hy het sy bokleed uitgetrek en opsygesit. Hy het sy hemelse heerlikheid opsygesit om in menslike vlees gebore te word. Hy het Homself met ’n slaaf se diensvoorskoot geklee. Hy het water in ’n wasbak gegooi om vuil dissipelvoete te reinig. Hy sou binnekort

sy kosbare bloed uitstort om sy mense se besoedelde en bevlekte siele te reinig. Die Here Jesus Christus het mense gedien, daarom het ons, veral ons manne wat geroep is om Hom te verteenwoordig, geen verskoning om nie ander te dien nie. Dit is nie 'n keuse nie; dit is 'n opdrag! In vers 14 sê die Here:

> *As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het; is julle ook verplig om mekaar se voete te was.*

Die woord "behoort" dui daarop dat ons áltyd voete moet was. Die woord het die idee van "die goeie wil doen wat 'n ander toekom". Met ander woorde, die Here sê dat ons altyd moet soek na maniere om ander tot sy eer te dien. Ons moet voortdurend na maniere soek om die liefde van God aan diegene rondom ons te demonstreer. Deur ander in liefde te dien, vertoon die beeld van Christus. Wanneer ons onsself verneder en die posisie van 'n dienskneg voor ander inneem, toon ons ware Christusgelykvormigheid.

### Die Here Jesus se voorbeeld leer ons ware liefde

Een laaste waarheid word in hierdie gedeelte bevestig. Ons lees waarom die Here Jesus alles gedoen het wat Hy gedoen het; waarom Hy in die eerste plek na hierdie wêreld gekom het; waarom Hy 'n mens geword het; waarom Hy die rykdom van die hemel moes opsysit om armoede op aarde te omhels; waarom Hy vir ons aan die kruis gesterf het; waarom Hy gewillig die plig van 'n slaaf aangeneem het om sy dissipels te dien.

Sy liefde vir ons is die rede vir alles wat Hy vir ons gedoen het:

> *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (Joh. 3:16).

Net soos liefde die Verlosser gedwing het om te dien, moet liefde ons manne ook dring om ander te dien, tot sy eer. Wanneer ons liefhet soos ons moet, sal ons die behoeftes van ons gesin, medegelowiges, volksgenote, vreemdes bo ons eie behoeftes stel. 1 Korinthiërs 10:24 herinner ons aan ons verpligting teenoor ander: *Laat niemand sy eie voordeel soek nie, maar elkeen die voordeel van 'n ander*. Ware liefde stel alles op die spel tot eer van God en tot voordeel van ander.

### Beelddraers wat herstel is om sy beeld te vertoon

Manne, God oes nie waar Hy nie gesaai het nie. Dit is nie die herinnering aan wat die Here Jesus vir ons gedoen het nie, maar die lewende krag van sy liefde van wat Hy nóú vir ons doen, wat aan ons die krag gee om soos Hy op te tree. Sy liefde moet 'n teenswoordige werklikheid wees wat ons in staat sal stel om soos Hy lief te hê. Dit is slegs deur die werking van die Heilige Gees dat ons kan besef wat die Here vir ons doen, hoe Hy dit doen, dat dit Hý is wat dit doen en dat dit moontlik is om aan ander te doen wat Hy vir ons doen.

Hy het ons lief sodat ons ander kan liefhê. Hy het 'n dienskneg geword sodat ons diensbaar kan wees. Hy het Homself volledig vir ons gegee sodat ons onsself volledig vir ander kan gee. Ons moet net aan ander doen wat Hy vir ons gedoen het. Ons kán dit doen omdat Hy dit vir ons doen – dit is niks meer as om te herhaal en uit te leef wat ons van Hom ontvang het nie. Dit maak dit moontlik om met vreugde op sy opdrag te reageer: "Ja, Here, soos wat U aan my gedoen het, sal ek ook aan ander doen."

Die Here Jesus het aan ons die voorbeeld van 'n Godgelykvormige lewe in menslike gedaante gegee. Meer nog, deur sy Gees bemagtig Hy ons, in die besonder in ons rol as manne, om sy beelddraers hier op aarde te wees. Hy bemagtig ons om soos Hy te wees omdat Hy in ons is. Ware manlikheid begin by die noodsaak om deur Christus se bloed gewas te wees. Daaruit spruit nederige diensbaarheid en die vermoë om, soos Christus die gemeente liefgehad het, lief te hê.

---

1. Leraar van die AP Kerk Riversdal/Albertinia.


## Wil jy finansieel bydra tot Lig in Duisternis Uitgewers?

Ons kry baie navrae van mense wat graag 'n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers se groei wil maak. Indien dit op jou hart lê, kan jy 'n betaling in die volgende bankrekening maak:

**Bankbesonderhede:** Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068 • Takkode: 632 005
*Verwysingsnommer: LIDU + selfoonnommer*

HOOFARTIKEL



# Hoe moet ons Bybelse manlikheid verstaan?

**Ds. Markus Mattheus**[1]

**Ons leef in 'n samelewing wat toenemend die gelykheid van geslagte oorbeklemtoon. Trouens, die wêreld wil met alle mag en mening die verskil tussen die mans en vroue uitwis. In 'n sekere sin sou ons kon sê dat die duiwel reeds in die tuin van Eden oorlog teen die unieke rol van elke geslag verklaar het. Want wanneer die duiwel dit regkry om vroue te verlei sodat hulle manlik optree, of wanneer hy manne verlei om vroulik op te tree, word die beeld van God geskend.**

Die rede hiervoor is omdat God die mens geslagtelik uniek gemaak het. Alhoewel elke man en vrou in hul menswees afsonderlik beelddraer van God is, het die Here dit so beskik dat man en vrou unieke karaktertrekke of eienskappe vertoon wat mekaar aanvul om saam ook beelddraer van God te wees. Beide manlike en vroulike eienskappe vind hul oorsprong in God. Die wyse waarop hierdie waarheid in Génesis 1:27-28 gestel word, impliseer dat die huweliksverhouding tussen die man en vrou dit op 'n besondere wyse uitdruk.

Omdat man en vrou na die beeld van God geskep is, en omdat die Here 'n Verbondsgod is, reflekteer die huweliks- en gesinsverhouding God se verbondsmatige karakter soos wat dit gestalte vind in sy verbond met die een heilige algemene Christelike kerk deur die eeue. Die Here gee nie 'n uitgebreide definisie van Bybelse manlikheid op alle terreine van die samelewing nie. Maar die Here spel die rol van die man en vrou in die verbondsverhouding van die huwelik duidelik uit. Vanuit ons verstaan van die verbondsmatige karakter van 'n huisgesin, behoort die rol van man en vrou uit te kring na alle ander terreine van die lewe.

## Manne se roeping tot verbondsverantwoordelikheid

In die verbondsverhouding met sy kinders neem God vir ons verantwoordelikheid. Hy beloof om vir ons 'n God te wees en daarom beklee Hy die hoogste gesag. Verder beskerm Hy ons en voorsien in alles wat ons nodig het. Mans word geroep om hierdie beeld van God in hul wese en optrede te reflekteer soos wat dit gestalte in Jesus Christus vind. Dit word slegs verstaanbaar wanneer ons besef dat Adam geskep is om as verbondshoof die ganse menslike geslag te verteenwoordig. Deurdat hy die verbond oortree het (vgl. Hos. 6:7), het Adam die dood in die wêreld gebring. God stuur egter sy Seun om, as die tweede Adam, mens te word. Hy was volkome gehoorsaam aan God in ons plek en Hy is namens ons gestraf. Sodoende het Jesus Christus ons nuwe lewegewende Verbondshoof geword (vgl. 1 Kor. 15:22).

In die huwelik word mans opgeroep om die verbondsverhouding tussen Christus en sy kerk na te volg (vgl. Efés. 5:23-27).

> **Wanneer Paulus leer dat elke man die hoof van sy vrou is, voeg hy by ... *soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is Verlosser van die liggaam.***

Al het die Here Jesus geen sonde gedoen nie, neem Hy verantwoordelikheid vir ons sonde. Hy verduur God se toorn aan die kruis en sterf van God verlate om sy bruid van die ewige dood te verlos. Daarom begin Bybelse manlikheid en outoriteit altyd met 'n sin vir verantwoordelikheid.

So 'n verantwoordelikheidsin vorm 'n deurlopende tema in verskillende teoloë se definisie van Bybelse manlikheid. In die boek *Recovering Biblical manhood and womanhood*, definieer John Piper Bybelse manlikheid soos volg: "In die hart van volwasse manlikheid is 'n sin vir

goedgunstige verantwoordelikheid teenoor vroue om te lei, te voorsien en te beskerm op die wyse wat pas by die onderskeie verhoudings waarin mans staan."

Die wortel van Bybelse manlikheid en vroulikheid kan teruggevoer word na die mens se skepping en God se bevel in die kultuuropdrag. Twee elemente kan onderskei word:

> *Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip* (vgl. Génesis 1:28).

In Génesis 2 lees ons dat die Here die man (voor Eva geskep is) in die tuin van Eden plaas met die roeping om die tuin te bewerk en te bewaak. Om te werk sluit 'n verskeidenheid beroepsvelde in wat daarop gerig is om te laat groei, om vooruitgang te kweek op alle terreine van die lewe, op te bou, te begelei en te versorg. Om te bewaar, is om vooruitgang te beskerm, te handhaaf en in stand te hou. Die man se roeping om te werk en te bewaak, is nie op 'n selfgesentreerde soeke na identiteteit gerig nie, maar op die verbondsverhoudings waarin hy hom bevind.

### Manne se roeping tot onderhoud en beskerming

John Piper verduidelik dat die vloek ná die sondeval (vgl. Gén. 3:16-19) die man en vrou op die natuurlike terreine waar elkeen in die lewe funksioneer, raak. Die vloek lê nie daarin dat die man moet werk om brood vir sy gesin te voorsien, of dat die vrou kinders baar nie. Die vloek lê daarin dat hierdie terreine van die lewe moeilik en frustrerend geword het. Dit was duidelik van die begin af dat die man hoofsaaklik verantwoordelik sou wees vir die inwin van brood vir sy huisgesin en dat die vrou hoofsaaklik verantwoordelik sou wees om kinders te kry en te versorg. Daarom is die onderhoud en beskerming van die gesin die primêre verantwoordelikheid van die man.

Hieruit vloei die manlike verantwoordelikheidsin om vroue te beskerm. 'n Man se eerste gedagte wanneer gevaar dreig, is nie dat die vrou swakker as hy is nie, maar eenvoudig dat hy 'n man en sy 'n vrou is. Die verbondsverhouding van die huwelik skep ook nie die man se sin vir verantwoordelikheid om te voorsien in voedsel en huisvesting nie. In die huwelik is die sin vir verantwoordelikheid meer intens, maar hierdie dimensie van volwasse manlikheid is in die man teenwoordig afgesien van die huwelik.

Maar wat beteken dit prakties? In Exodus 21:10 gee die Here 'n wet wat beskerming bied aan 'n vrou indien 'n man met nog 'n vrou in die huwelik wou tree:

> *... as hy vir hom 'n ander een neem, mag hy haar voedsel, haar klere en haar huweliksgemeenskap nie verminder nie.*

'n Man het die basiese verantwoordelikheid voor die Here om sy vrou se kombuis- en klerekaste vol te hou sowel as om gereeld seksuele omgang met haar te hê. Die Nuwe Testament beklemtoon dieselfde waarheid in 1 Timótheüs 5:8 en 1 Korinthiërs 7:5.

### Manne se roeping tot geestelike leiding

Die man se roeping om sy gesin te onderhou en te beskerm, behels egter meer as net die fisieke. Volgens Piper lei Jesus Christus sy bruid na heiligheid en die hemel. Mans word geroep om Christus hierin na te volg. Dit beteken nie dat die man die vrou heilig nie, maar dat hy sy vrou met die Woord moet bedien waardeur sy geheilig word (vgl. Efés. 5:26). Die man is verantwoordelik vir die geestelike welstand en beskerming van sy gesin en daarom moet hy ook die leiding hierin neem. Dit beteken mans moet voorgaan in huisgodsdiens en gebed. Dit is in die eerste plek die man se roeping om sy kinders in die verbond groot te maak. Die Here sal die man tot verantwoording roep indien sy gesin nie gereeld die eredienste bywoon en onder die geklank van God se Woord kom nie.

Dit is dalk juis in bogenoemde aspek van Bybelse manlikheid waar gelowige mans die maklikste en die meeste faal. Mag die Here ons denke oor manwees so vorm dat ons al meer sal verstaan wat dit beteken om Bybelse manlikheid te leef.

### Bronne


- Phillips, R.D. *The Masculine Mandate, God's Calling to Men.* https://bit.ly/44OY8PI
- Piper, J. and Grudem, W. *Recovering Biblical Manhood and Womanhood.* Ed. Wheaton, Illinois: Crossway, 2012.
- Wilson, D. *Federal Husband.* Moscow, Idaho: Canon Press,1999.


1. Leraar van die AP Kerk Steynsburg/Barkly-Oos/Tarkastad/Jamestown.



# Die kerk en die markplein het mánne nodig

**Ds. Diederich Kleynhans**[1]

In sy artikel "Nine Attributes of a Real Man"[2] vertel Vince Miller hoe hy sonder 'n pa grootgeword het en gevolglik nie iemand gehad het om hom oor ware en gesonde manlikheid te leer nie. Sy soeke na antwoorde op sy diepste vrae het Hom na God én na die Skrif gedryf. Hier het hy sy antwoorde gekry, vervulling gevind en geleer wat seunskap beteken.

## Die wêreld se vals manlikheid

Miller skryf verder dat 'n duidelike en presiese definisie van manlikheid nie by die wêreld te vinde is nie. Selfs die vermaaklikheidswêreld faal, want sý voorbeelde van die sogenaamde regte man is manne soos die chauvinistiese rokjagter James Bond; of die onverstoorbaar-taai en emosioneel-afgetrokke Jason Bourne; of die gierige en magsugtige Gordon Gekko (*Wall Street*).

Meer onlangs sou ons dalk selfs die seksbehepte vrouehater en miljardêr Christian Grey (*Fifty Shades of Grey*) by hierdie lys name kon voeg. Telkens sal ons moet bieg dat nóg die gay Suid-Afrikaanse modeontwerper Rich Mnisi[3] met sy Pride-vroueswembroek (vertoon deur 'n man), óf die rokgeklede Harry Styles[4] op *Vogue* se voorblad; nóg die transgenderbeïnvloeder Dylan Mulvaney[5] van die Bud Light-advertensieveldtog, óf enige van die ander macho Hollywood-manne die Bybelse definisie van manlikheid gestand doen!

## "Manlikheid na God se hart"

Hierteenoor gee die Bybel die regte perspektief op manlikheid, meen Isaac Khalil.[6] 'n Perspektief wat deur die voorbeelde van gewone, sondige manne se verhale (bv. Dawid se verhaal) as raamwerk vir "manlikheid na God se hart" dien. Die Bybel gee vele prototipes van manlikheid, maar bevat ook talle heenwysings na manlike kenmerke waaruit ons 'n Bybelse definisie van manlikheid kan formuleer.

In die Ou Testament lees ons van 'n getroue Noag, 'n toegewyde Abraham en 'n nederige Moses. Josua was opreg en Simson was sterk. Samuel was die toonbeeld van 'n profetiese leier. Salomo was wys en Daniël het besonderse insig en onderskeidingsvermoë gehad. God het hierdie manne gekies, geroep en toegerus. Hy het hulle gebruik en by hulle kan ons leer. Ja, ook by die talle manne in die Nuwe Testament: Johannes, Petrus, Paulus – lewende boustene in die tempel van God.

"Daar heers 'n skryende hunkering in die kerk na manne om weer mán te wees," skryf Richard D Phillips in sy boek *The Masculine Mandate*, "omdat die kompeterende ideologieë van die kulturele tydsgees en die vals dogmas van liberale kerke die krisis (ook 'n samelewingskrisis) ignoreer en selfs aanhits." Hierdie verwarring aan die een kant en blatante wanvoorstellings aan die ander kant, noop die kerk om deur 'n reformatories-teologiese lens vir leidrade na die Skrif te draai (so 'n bietjie ruggraat te wys) en dán tot die gesprek toe te tree, mét antwoorde.

Die Bybel is duidelik oor die eienskappe wat manne nie net in hul huise en families, gemeentes en (geloofs-) gemeenskappe moet openbaar nie, maar ook moet aanwend op die markplein en in die publieke sfeer – eienskappe van manwees wat húlle gevorm het en waarop die volgende geslag moet voortbou.

## Selfopofferende leierskap

Vanuit die staanspoor begrond die Bybel die eerste eienskap, selfopofferende leierskap, in navolging van Goddelike leierskap. Die man se mandaat vloei voort uit God se opdrag aan Adam: *Heers oor* ... die skepping ... as Mý verteenwoordiger (vgl. Gén. 1:26). In hierdie besonderse posisie, uniek geskape na God se beeld, word die man geroep en aangestel om met dapperheid, wysheid, insig en medelye te lei! Die Here Jesus gee self die voorbeeld van Bybelse leierskap ten opsigte van die huwelik (sy liefde vir sy bruid, die kerk) en wil dat Christenmanne Hom hierin navolg.

Dit is nié: wrede *oor*heersing of diktatoriale magsvergrype nie! Dit ís: verantwoordelike, selfopofferende, dienende liefde in gehoorsaamheid aan God. As vóórloper moet die man aanmoedig, inspireer, lei; altyd soekend na die wil van God. By kruispaaie moet hý die een wees

wat verantwoordelikheid neem en dan bereid wees om die gevolge te dra – soos 'n toegewyde Abraham.

### Dapper nederigheid

Nederigheid is beslis nie 'n term wat die wêreld sal gebruik om manlikheid te beskryf nie. Vanuit 'n Bybelse perspektief is dit egter 'n sleutelaspek van "manlikheid na God se hart". Die moderne samelewing se "Amerikaanse droom" en Instagram- en TikTok-viering van die eie-ek, het daartoe gelei dat arrogansie en selfverheerliking as 'n vorm van deugsaamheid geprys word. Mag, krag en sterkte het die antagoniste van nederigheid geword.

Die status van nederigheid is gevolglik gedegradeer tot 'n "kruk", of selfs 'n "kenteken van swakheid". Bybelse manlikheid kyk en lyk egter anders as dit kom by nederigheid en dít wat nederigheid doen. Moses, dapper leier van God se volk ... *was baie sagmoedig, meer as al die mense op die aardbodem* (Núm. 12:3). Hy is die een wat in die aangesig van die Allerhoogste, wanneer die toorn van die HERE teen die volk wil ontvlam, keer op keer tussen God en sy volk gaan staan het; die een wat stotterend die paleis van Farao ingaan en telkens eis: *Laat my volk trek ...* Dapper, manlike nederigheid is nie gelyk aan "trap maar op my nie", maar is vinnig om te vergewe en stadig om kwaad te word, én bowenal, bereid en gereed om te dien!

### Wyse selfbeheersing

Wanneer manne in nederigheid opstaan en vóór stap (agter die Here Jesus aan, waar dit ook al mag wees), moet hul gedagtes, woorde en dade in lyn met God se wil wees. In toegewydheid en met dissipline, eerlik en opreg, moet eers "na binne" gekyk word. Daarna volg die wandel en handel na buite in sý kerk, sý koninkryk. Hy beloof om in ons daaglikse en mees basiese behoeftes te voorsien en ons moet tevrede daarmee saamleef. Dit beteken natuurlik nie dat ons nie met 'n gesonde mate van ambisie en entoesiasme kan streef na groei en verbetering nie.

In ons mees intieme verhoudings ontdek ons dikwels die waarde en vreugde van selfbeheersing die meeste – wanneer ons ander (baie gereeld selfs ons eie kinders en eggenote) se belange en behoeftes bo ons eie stel en beleef hoe hulle floreer in geleenthede waaruit ons, deur selfbeheersing, teruggetree het. Dan weet ons: Ek verloor niks deur aan ander 'n tikkie sonskyn te gun nie.

### Versorgende beskerming

Die voorreg om te beskerm en te versorg, veral ten opsigte van die veiligheid en welstand van ander, is by uitstek 'n eienskap van Bybelse manlikheid. Die wêreld gee hier ook 'n vals betekenis aan die konsep van versorging, want tradisioneel is ons gekondisioneer om aan die term "versorging" die beeld van 'n moeder te heg, terwyl die Vader vir Homself hierdie voorreg toe-eien: *... hoe dikwels wou Ek ... soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak ...* (Mt. 23:37). En: *Soos 'n arend ... sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra* (Deut. 32:11).

Versorging en beskerming strek egter veel verder as die liggaamlike! Dit sluit die psigiese, emosionele en geestelike welstand en ontwikkeling van ons naaste in. As mans móét ons natuurlik ons vrouens liefhê en versorg, bewaar en beskerm – soos Christus sy kerk liefhet. Maar hierdie versorgende beskerming kring ook uit na die res van die skepping waaroor ons rentmeesters is.

Hoe ver strek hierdie verantwoordelikheid? Ons plig is om 'n veilige omgewing te skep waarbinne selfs die mees weerlose mens kan ontwikkel om sy/haar Skepper te leer ken, te dien, te eer. In hierdie verband kan ons nie help om te vra nie: Waar is manne se stemme van protes wanneer aborsiesyfers die hoogte in skiet? Waarom swyg hulle?

### Allesomvattende voorsiening

Laastens is voorsiening een van die besonderse deugde van Bybelse manlikheid, wat ook deur die sekulêre tydsgees onder 'n wanvoorstelling gebring is. Hierdie eienskap word deur die wêreld gereduseer tot finansiële kapasiteit en geldelike vermoëns. Bybelse voorsiening impliseer natuurlik ook materiële middele en potensiaal, maar is geensins daartoe beperk nie!

Allesomvattende voorsiening is meer as net die beursie vir gesin, vriend, geliefde en naaste. Dit is die stem wat ondersteun op die sportveld; die inspirerende woord voor 'n groot eksamenvraestel; die gebedstem knielend langs 'n kind voor slapenstyd; die boodskap wat hoor of 'n vriend nog veilig is. Dit is die man wat die anker in die stormwaters van sy vrou se depressie is; die man met die oop hand wat die werklose buurman om die braaivleisvuur op 'n skaapribbetjie trakteer.

En hierdie manne gee, omdat hulle weet hoeveel hulle ontvang het; hulle doen, omdat hulle weet hoeveel hulle in die skuld is; hulle dien, omdat hulle die Dienskneg aan die kruis kén, liefhet en wil verheerlik. Hy, die tweede Adam; die vlekkelose, sondelose, Beeld van God, in perfekte gehoorsaamheid; as waaragtige God én ware mens – Hóm wil Bybelse manne naleef! ☺

---

1. Leraar van die NG Kerk Secunda-Goedehoop.
2. https://bit.ly/3OoTqS6
3. https://bit.ly/3OEyfga
4. https://bit.ly/458p1xV
5. https://bit.ly/3OEyfga
6. https://bit.ly/3rRKahy



# Hoe leef ek my Christelike manlikheid uit wanneer my vrou die hoofbroodwinner is?

**Ds. Joseph Steyn**[1]

**Jesus Christus lei sy kerk deur te dien en op te offer. Hy gee sy Goddelike bestaan prys om 'n mens te word. Hy verneder Homself as mens tot in die dood aan die kruis.**

In die huweliksformulier van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) staan daar onder andere:

> "Daarbenewens moet die bruidegom weet dat God u as hoof van u vrou gestel het. Om te begryp wat dit beteken, moet 'n mens dit in verband bring met Christus wat die Hoof van sy kerk is. Hy het medelye met die swakhede van die kerk en Hy staan sy kerk helpend en versorgend by. So moet u ook met deernis en begrip teenoor u vrou optree. U moet haar bystaan, beskerm, versorg, onderrig en vertroos. Een van u vernaamste verantwoordelikhede is die materiële versorging van u gesin. Daarom moet u getrou wees in die beoefening van u beroep, sodat u nie net in die behoeftes van u eie huis kan voorsien nie, maar ook vir die instandhouding van die huis van die Here en vir die diens van barmhartigheid goeie gawes beskikbaar mag hê."

## Dra mekaar se laste

Hedendaagse uitdagings met betrekking tot die huwelik is onder andere dat ons mekaar se laste moet dra – veral in die era van regstellende aksie, waar blanke mans die swaarste spit moet afbyt. Die man as enigste broodwinner (en selfs as hoofbroodwinner) word weens politieke en ekonomiese redes gedwing om op sy vrou te leun om te help om die pot aan die kook te hou. Die algemene druk op blankes maak dat daar ook toenemende finansiële druk op huisgesinne en die kerk is.

Vinnig raak dit egter so dat die vrou die hoofbroodwinner, of selfs die enigste broodwinner, word. In die straat waar ons woon, is daar net ses huise. By vyf van hierdie gesinne is die vrou die hoofbroodwinner. In ons straat ry die mans die kinders skool toe, doen húlle die huiswerk en maak húlle die kos.

Ek was voltyds in die bediening toe ek my vrou ontmoet en ons getrou het. Vir die eerste twee jaar van ons huwelik het ons 200 km van mekaar af gewerk en gebly. Toe sy 'n goeie aanbod as onkoloog in Klerksdorp kry, het 200 km toe 600 km geword en met die geboorte van ons eerste kind, gaan ek met onbetaalde studieverlof sodat ek in Klerksdorp kan wees.

In dié tyd raak ek betrokke by die gemeente in Orkney, wat 'n leraar net gedeeltelik kon betaal. So, met 'n baba in die een arm en 'n babadoek in die ander hand, doen ek my werk én pas die kinders bedags op. My vrou vat egter weer ná werk oor en snags staan sy op om die kinders te versorg in die dinge wat ons mans nie kan doen nie.

## Wanneer die rolle noodwendig omruil

Ná die geboorte van ons tweeling en toe ook met vier kinders in ons huisgesin, werk ek en my vrou albei voluit. Ek bedien 'n tweede gemeente en vat nie grond nie. Ons kry 'n au pair wat van 14:00 tot 17:00 na die kinders kyk en later trek ouma en oupa ook by ons in om te help wanneer ons albei lang ure moet werk. Gedurende die COVID-19-pandemie besef ons hoe min tyd ons die vorige twee jaar met mekaar en met ons kinders spandeer het. So besluit ons toe om drastiese veranderings te maak. Ek voel dat die grootste deel van my werk fondsinsamelings geword het: basaars en straatverkope, vleiswerk en projekte. My vrou het intussen haar eie praktyk begin en sy is finansieel sterk genoeg om ons te onderhou.

Die uiteinde is dat ek nie meer in diens van die gemeente staan nie, maar vir my vrou werk. As lidmaat van die

gemeente met preekvergunning, preek ek vrywillig en doen verder net die amptelike take van 'n leraar.

In effek het my werk egter nie minder geword nie – ek het steeds twee gemeentes gehad om te bedien. Maar hulle verstaan dat naas die verkondiging van die Woord, my eerste verantwoordelikheid nou my kinders se versorging is. Ek maak die kos, doen die huiswerk en ry hulle na hul aktiwiteite toe. Tog is ek hul pa en nie hul ma nie. Ek doen 'n pa se dinge. My vrou doen steeds die ma-goed: maak hul hare netjies, sorg dat hul klere stylvol is. Sy troos en luister na die probleme waarvan hulle my nie wil vertel nie. Ek werk met ysters, leer hulle skiet en wys hulle hoe om fietse reg te maak.

### Hoof van die huis, alhoewel nie hoofbroodwinner nie

Wat maak dat ek my roeping as die hoof van die huis kan bly uitleef, al is ek nie die hoofbroodwinner nie? Dit begin deurdat ons 'n span in die huwelik is waar ons in die eerste plek uit dankbaarheid, in eerbied teenoor God, aan mekaar onderdanig is (vgl. Efés. 5:21). Ons is 'n span wat elkeen opoffer om die gesin tot eer van God te laat werk.

Op 'n Sondagoggend kry my vrou vier kinders gereed vir kerk, doen saalbesoeke by haar kritieke pasiënte in die hospitaal, gee kategese, sorg dat vier woelige kinders stil sit en luister gedurende die erediens en kuier ná kerk saam met die gemeente – alles sodat ek my werk rustig kan doen en op my prediking kan konsentreer. Dan gaan sy terug hospitaal toe en maak haar werk daar klaar. Ook gedurende basaartyd en ander kerkaksies is sy altyd bereid om iemand te kry om vir haar in te staan sodat sy my hande kan losmaak van die kinders se versorging en hulle sodoende sterk deur altyd te help daar waar ek nie kan help nie. Dit maak dat ek, wanneer haar dag besig is en sy laat moet werk, met vreugde bereid is om hand by te sit om kinders se hare droog te blaas en uit te kam. Ons is een span wat elkeen verskillende finansiële verantwoordelikhede op ons geneem het. Dit is erg dat my vrou nou vir al die finansiële versorging van die huis verantwoordelik is. Tog bly dit vir ons 'n spanpoging. Ek is betrokke by haar praktyk as praktykbestuurder. Ek onderhou die geboue en voertuie, doen finansiële beplanning en doen my deel om haar praktyk en ons huishouding aan die gang te hou. Al is dit net sodat sy nie bekommerd hoef te wees oor ons kinders se opvoeding en vorming nie en voluit haar werk kan doen.

My vrou kla soms dat sy nie so 'n "gehoorsame" man soos al haar skoonsusters het nie, maar sy laat my toe om die hoof van die gesin te wees. Ons verskil soms van mekaar sonder dat ons vir mekaar skade maak of dat ons ophou om vir mekaar lief te wees. Ons het 'n band wat maak dat ons 'n span is en dat ons mekaar vertrou en daarom ook nie iets aan mekaar hoef te bewys nie. Daarom kan ons sake beredeneerd uitpluis. Ons bespreek ons lewe en besluite.

Ek dink dit help dat ons albei uit huise kom waar ons pa's vir groot dele van hul lewens, weens die boubedryf en politiek, ook nie die hoofbroodwinners was nie. Die realiteit is dat Spreuke ook vertel van die deugsame vrou wat werk en haar gesin versorg, terwyl haar man by die oudstes in die poorte sit. Soms moes vrouens juis werk om hul mans die geleentheid te gee om hul manlike plig na te kom, soos tydens oorlog. In my geval maak my vrou dit vir my moontlik om my roeping as predikant met vreugde te kan nakom, sonder die konstante stryd van finansiële oorlewing.

As jy vir ons kinders sou vra wie die hoof van die huis is, hoop ek dat hulle sal sê Jesus Christus. Dit is uiteindelik die enigste manier (met Christus as Hoof) hoe ons as gesin ons roeping as gelowiges (ook as man en vrou) kan uitleef – veral in 'n wêreld wat op sy kop gedraai is.

---

1. Leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk Orkney.


**Natal Suidkus – Southport**

Lekker, gerieflike selfsorgtuinwoonstelle te huur vir vakansie. Ten volle toegerus. Loopafstand van die see, braaigeriewe, see-uitsig, DStv, ens. Tariewe vanaf R350 per dag.

***Kom ontspan in 'n rustige, stil omgewing!***

**Kontak Hendrie: 072 932 1070**

**SUIDKUS – MARGATE**


**Loopafstand van hoofstrand.**
**2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.**

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**

# WOORDBLOK: DIENSBAARHEID – NUWE SKEPSELS IN CHRISTUS

Wanneer iemand tot bekering kom, word hy 'n nuwe skepsel. Waar hy sy voorheen sondige begeertes en die wil van die duiwel gedoen het, doen hy nou "goeie werke" en word so diensbaar aan God. Die wonder van hierdie ommekeer in jou lewe, is dat dit alles van God af kom.

*Erkenning: Ds. Adri van Staden, "Diensbaarheid: Nuwe skepsels in Christus," in Onder sy Heerskappy, 209.*




**DWARS:**

1. Dui op God se almag (Ps. 138:6)
5. Dui op sondige aard (Efés. 2:3)
6. Op grond daarvan God geloof (Ps. 138:4)
7. Ongelowiges lyk so voor God (Efés. 2:3)
8. Betoweringe (Efés. 2:3)
11. Dui op geweldige grootheid (Efés. 2:7)
13. Bestem (Efés. 2:10)
15. God se woonplek (Efés. 2:6)
16. Daarmee verrig God sy goeie werke (Ps. 138:8)
19. God laat dit nie vaar nie (Ps. 138:8)
21. Luste van die vlees (Efés. 2:3)
24. Omrede van u ganse Naam (Ps. 138:2)
25. In Christus geskep (Efés. 2:10)
28. Deur Gods regterhand gedoen (Ps.138:7)
29. Deur God sodanig omvorm (Efés. 2:1)
30. Op vroeër tydstip (Efés. 2:2)
32. Waar onsigbare magte heers (Efés. 2:2)
33. Voortreflike, uitmuntende (Efés. 2:7)
35. Verstand, volle positiewe (Efés. 2:3)
36. Grootpraat, spog (Efés. 2:9)
37. Dui op mag van die Bose (Efés. 2:2)
38. Die digter loof God om sy verlossing (Ps. 138:1)

**AF**

1. Ooreenkomstig, kragtens (Efés. 2:2)
2. Onverdeelde (Ps. 138:1)
3. Tye van genadebetoning (Efés. 2:7)
4. Voorheen (Efés. 2:3)
5. Ootmoedige, beskeie (Ps. 138:6)
8. Om te betuig (Efés. 2:7)
9. Daardeur gered (Efés. 2:5)
10. Die loop van die wêreld (Efés. 2:2)
12. God se handewerk (Efés. 2:10)
13. God strek sy hand teen hulle uit (Ps. 138:7)
14. Opgestaan uit die dood (Efés. 2:6)
16. Hy voleindig dit (Ps. 138:8)
17. Groots, onmeetbaar (Efés. 2:4)
18. Om 'n lied tot God se eer te sing (Ps. 138:1)
20. Daardeur versterk (Ps. 138:3)
22. Om voor God te kniel (Ps. 138:2)
23. God se gunsbetoning (Efés. 2:8)
25. Dui op lewenswyse (Efés. 2:2)
26. Oorsaak van dood (Efés. 2:1)
27. Sonder einde (Ps. 138:8)
28. Iets van veraf reeds sien (Ps. 138:6)
30. God se straf (Efés. 2:3)
31. Simboliek van sinlike neigings (Efés. 2:3)
34. Christus het dit oorwin (Efés. 2:2)

# *What is a woman?*[1]

## RESENSIE DEUR DS. RUAN COMBRINK[2]




Dit het oor die laaste paar jare duidelik geword dat groepe in die samelewing wat verwarring ten opsigte van geslagtelikheid ervaar, hul verwarring in die keelgat van enigeen wat 'n vaste sekerheid oor die Godgeskape orde het, wil afforseer. Die probleem wat hierdie dwangvoerders het, is dat hulle nie juis seker is wát dit is wat hulle ons wil voer nie.

Dit is hiérdie onsekerheid onder die sogenaamde LGBTQ+-groepering wat Matt Walsh raakgesien het. Op *Dr. Phil* vra Walsh 'n persoon met lang hare, geverfde naels, oorbelle en 'n baard die eenvoudige vraag: "What is a woman?" Die persoon wat identifiseer as 'n vrou, kan nie sê wat 'n vrou is nie; hy kan dus nie definieer wat dit is waarmee hy identifiseer nie. Hierop besluit Walsh om die VSA te deurkruis en aan te klop by akademici, gewone mense op straat en selfs so ver as die Massai-stam in Kenya, op soek na 'n antwoord. Die mense met wie Walsh oor sogenaamde genderidentifisering praat, kan uiteindelik in twee kategorieë gegroepeer word.

Die groep wat dit haas onmoontlik vind om sy vraag te beantwoord, is ook die groep wat, ten minste volgens hul titels en posbeskrywings, die meeste oor die onderwerp behoort te weet. Dit sluit mense soos Gert Comfrey in, wat as terapeut in geslagsbevestigende sorg spesialiseer. Dr. Michelle Forcier, 'n professor en pediater, meen sommige babas is bewus dat hul genderidentifisering van hul biologiese geslag verskil. Dr. Patrick Grzanka, professor in Women, Gender and Sexuality Studies aan die Universiteit van Tennessee, vererg hom vir Walsh se vraag en dreig om die onderhoud te beëindig. En dr. Marci L Bowers, 'n chirurg wat spesialiseer in geslagsveranderingsoperasies en self ook een ondergaan het, reken dat daar wel nog enkele dinosourusse is wat aan die ou Bybelse idee van man en vrou vasklou. Desperaat wend Walsh hom tot 'n vroue-optog, waar nie een enkele vrou kan sê wat 'n vrou is nie. Selfs die politiek lewer 'n doodloopstraat op toe Mark Takano, die Demokratiese Party se verteenwoordiger in die Kaliforniese wetgewer, uit die onderhoud storm ná 'n vraag oor mans se gebruik van vrouebadkamers.

Walsh is egter nie heeltemal onsuksesvol in sy pogings nie. Die tweede groep vind die antwoord voor die hand liggend. Dr. Miriam Grossman, 'n vooraanstaande psigiater, is heeltemal bewus van die realiteit van twee geslagte en wys op die oorspronge van die hedendaagse genderideologie by Alfred C Kinsey en John Money (die vader van genderideologie). Buiten vir dr. Jordan Peterson en Sara Stockton, wat uit 'n kliniese agtergrond en dr. Debra Soh en Carl Trueman (met sy heel gepaste van), wat uit 'n geskiedkundige en teologiese agtergrond duidelikheid gee, is die emosionele getuienis van Scott (Kellie) Newgent veral treffend. Newgent het as volwasse vrou tot die oortuiging gekom om geslagsverandering te ondergaan en is ná sewe operasies en veelvuldige komplikasies nou deeglik bewus dat sy nog altyd 'n vrou was, al is sy nou vasgevang in 'n liggaam wat deur chirurgie misvorm is om manlik te vertoon. Verder is lede van die Massai-stam in Kenya en 'n gewone winkeleienaar waarmee Walsh gepraat het, op grond van gesonde verstand, heeltemal seker dat 'n man 'n man, en 'n vrou 'n vrou, is.

'n Kanadese pa wat gearresteer en 'n boete van $30 000 opgelê is omdat hy sy kind geslagtelik "verkeerd geïdentifiseer" het, asook die getuienis van akademici, bevestig die sosiale druk om die bedrieglike ideologie staande te hou. Dít terwyl hospitale en farmaseutiese maatskappye geweldige winste uit puberteitblokkeerders en geslagsveranderingsoperasies maak en vrouesport deur sogenaamde transgendermans wat daarin domineer, verwoes word.

Die sukses van die dokumentêr kan toegeskryf word aan Walsh se vermoë om kalm en uitdrukkingloos die vrae te vra en die deelnemers toe te laat om te praat. So ontbloot aktiviste sélf die belaglikheid van hul standpunte. Verder neem dit die kyker van ongeloof tot skaterlag en hartseer meegevoel vir slagoffers van hierdie perverse ideologie. Die dokumentêr eindig waar Walsh uiteindelik die antwoord op sy vraag, in hul kombuis, by sy eie vrou kry:

"What is a woman?"
"An adult human female." ☺

---

1. https://bit.ly/3QoEgP8
2. Leraar van die AP Kerk Orania.



# Leesstof en kykstof wat gesonde geslagsrolle bevorder

**Marguerite Brink**[1]

**Weet jy dat jou lewe 'n verhaal is wat afspeel? Dat jóú verhaal deel is van God se groot verhaal van hierdie wêreld? Het jy al nagedink oor jou lewe en raakgesien dat dit vloei tussen hoogtepunte, laagtepunte, uitdagings en oorwinnings? Net soos die verhale wat ons lees en waarna ons kyk.**

Juis omdat ons eie lewens verhale is (wat die Here elke dag besig is om te skryf), word ons ook deur ander se verhale aangegryp. Wanneer ons na ander se verhale luister, dan is dit asof die kollig vir 'n oomblik op iemand anders se lewe val. Ons sien húl hoogtepunte, laagtepunte, uitdagings en oorwinnings raak.

Hierdie is natuurlik waar van die verhale van mense wat werklik geleef het of steeds leef, mense wie se verhale saam met ons s'n in God se groot verhaal afspeel. Maar dit is ook waar van fiktiewe verhale: Dit wat ons op die televisie beleef of dit wat ons in 'n boek lees. Verhale is nie neutraal nie – dit beïnvloed ons; ons identifiseer daarmee. Verhale vorm ons lojaliteite, dit wek ons gemoedere op, dit hou ons vasgenael. Ons beleef iets van die karakters se dapperheid en waagmoed en dit moedig ons aan in ons eie lewens, in ons eie verhale. Of ons sien die karakters se voete van klei, daar waar hulle die verkeerde besluite gemaak het en in ons eie verhaal praat dit met ons. Die effek wat hierdie aangryping en meesleuring van verhale op ons eie verhaal het, is groter wanneer daar 'n beeldkomponent (soos met video) betrokke is. Want die kleredrag, die aantreklike karakter, die pragtige natuurskoon, die hoëgehaltekamerawerk, die goeie regisseur – dit alles kan bydra dat ek vasgenael bly kyk.

As gevolg van hierdie meesleurende, aangrypende effek wat verhale op ons lewens het, moet ons seker maak of ons werklik toelaat dat goeie verhale ons beïnvloed. Die vraag is nie óf ons deur verhale beïnvloed word nie. Dit is seker. Die vraag is of ons rekenskap hou met die feit dát ons beïnvloed word.

Hoe beoordeel ons dan of 'n verhaal wat ons wil kyk of lees, die regte invloed op ons lewens sal hê? Deur dit te bekyk deur die objektiewe lens van God se Woord. Oorkoepelend sou ons kan sê dat ons die vraag moet vra: "Wat dink God van hierdie verhaal?" Om hierdie vraag te beantwoord, sou ons die volgende vrae aan die verhaal kon stel:

### 1 Is hierdie verhaal die tipe verhaal wat God sou skryf?

Onthou nou weer, God skryf elkeen van ons se verhale. Hy is die groot Outeur, die groot Verhaalverteller van ons almal se lewensverhale. Die verhale in die Ou en Nuwe Testament is sý verhale. Dit beteken nie dat Bybelse verhale fiksie is nie, net soos wat ons nie fiktiewe karakters is nie. Die verhale in die Bybel gaan oor manne, vroue en kinders wat geleef het. En dan moet ons eerlik wees dat God nie maklik verteerbare verhale skryf nie. Die Bybelkarakters se lewens is nie rooskleurig en eenvoudig nie. Hulle maak gereeld verkeerde keuses en tog skyn God se lig deur daardie duisternis. God skryf 'n verhaal ... van 'n slang wat verlei en 'n vrou (én 'n man) wat faal om weerstand te bied; van die gevolg van sonde wat veroorsaak dat hierdie man en vrou uit die Paradys verban word; van die een broer wat 'n ander doodmaak en 'n vloed wat die hele aarde (buiten agt siele) vernietig; van 'n man wat alles moet los en moet trek na 'n nuwe land wat Hy hom sal wys; van onvrugbare vroue, twee vroue wat twis oor dieselfde man, 'n vrou wat sterf gedurende die geboorte van haar tweede seun; van 'n babaseuntjie wat in 'n biesiesmandjie nie net die wrede Farao se listige moorddadige plan vryspring nie, maar ook in daardie Farao se huis grootword; van 'n brandende bos, hakkelende leiers, plae wat teister en die massadood van eersgeborenes; van sy volk in die woestyn, ramshorings wat 'n stad se muur laat verkrummel en volkere wat verower moet word dat sý volk die Beloofde

Land kan betrek; van hongersnood, ongehoorsame en bang leiers en een wat met sy brute krag die heidense tempelpilare omtrek; van 'n jong seun wat 'n reus met sy slingervel doodmaak en later koning word; van 'n Koning wat in 'n stal gebore word, 'n seuntjie se twee vissies en vyf broodjies wat duisende voed en 'n blinde wat kan sien met 'n mengsel van spoeg; van 'n Man wat aan 'n houtkruis sterf terwyl sy volgelinge bang wegkruip; van 'n leë graf drie dae later, sodat die dood verslaan en oorwin kan word; van manne wat nie kan stilbly oor dit wat die Here Jesus gedoen het nie en letterlik die wêreld deur aangaande Hom verkondig; van sy volgelinge wat in tronke sit en sing en mekaar bemoedig en ander wat doodgemaak word vir die getuienis wat hulle lewer.

Dit is hoe God verhale skryf. Fiktiewe verhale hoef dus nie maklik, eenvoudig en sondeloos te wees om "goeie" verhale te wees nie. Maar God se verhale hou rekening met wie God is, wie die mens werklik is en dat sonde ons wêreld kom breek het. God se verhale het 'n fondament van hoop en verlossing, maak nie saak hoe bleek dinge oënskynlik lyk nie, want God is die Een wat die Verlosser, Jesus Christus, na hierdie aarde stuur.

Die vraag is dus of die fiktiewe verhaal wat ons beoordeel, God se wêreld eerlik uitbeeld soos wat Hý verhale skryf? Help die verhaal my om die gebrokenheid in my eie lewe raak te sien sodat ek my toevlug neem tot die enigste Verlosser, Jesus Christus?

## 2 Help hierdie verhaal my om lief te hê wat God liefhet; te haat wat God haat?

Soms gryp verhale ons so aan dat ons nie eers agterkom dat ons lojaliteit by die verkeerde karakter lê nie.

Verwens ek my rol as eentonige broodwinner omdat ek nooit die geleentheid gehad het om die bevordering te kry wat die karakter in die verhaal het nie? Wens ek ek was so vry soos die televisieverhaalkarakter wat ná 'n harde dag in sy weermag- of polisie-eenheid eers sy sorge by die plaaslike kroeg kan gaan verdrink? Verkondig die verhaal die leuen dat ek outonoom is wat aan niemand iets verskuldig is nie, dat ek met my lewe kan doen net wat ek wil? Word bandeloosheid, sedeloosheid, seks-in-die-bondel, homoseksualisme en transgenderisme goedgepraat? Hunker ek na die liggaam, sjarme en watter karaktereienskap die fiktiewe vroulike karakter ook al uitbeeld? Maak dit my onvergenoegd met my eie vrouwees wat die Here in mý verhaal vir my ingeskryf het? Maak die verhale wat ek kyk my meer opgewonde oor my Verlosser, Jesus Christus, en hoe Hy sy lewe vir my neergelê het?

Natuurlik is ons nie self God nie en kan ons hierdie vrae slegs vanuit 'n nederige hart beantwoord. Maar nooit moet ons dink dat die verhale waarna ons kyk, slegs vermaak is nie.

### So, waarna sal ons dan kyk?

Ongelukkig is Hollywood nie beroemd daarvoor dat hy verhale skryf en verfilm wat tot opbou van Bybelse manlikheid en vroulikheid is nie. En dan verwys ek slegs na die inhoud en ek praat nie eers van die kru taalgebruik nie. Gedurende die skryf van hierdie artikel het ek 'n Google-soektog gedoen om uit te vind wat die internet beskou as die beste films rakende die huwelik. Die meeste daarvan het gehandel oor onstuimige huwelike; paartjies wat op skei staan, maar nog hul huwelike probeer red; 'n man en vrou wat ná egskeiding in vrede (apart) die kinders probeer grootmaak.

Tog was daar oor die jare verhale waar manlikheid uitgebeeld is aan die hand van kenmerke soos beskerming, onverskrokkenheid, selfopoffering ter wille van jou vrou of vriend. Verhale waar die manlike karakter ruggraat het; in nederigheid ander help – waar ons iets sien van die gedagte om vir ander in te tree. Ek noem slegs 'n paar voorbeelde met die veronderstelling dat ouers eers self die films onder oë kry voordat hul kinders daarna kyk: *Gladiator, Hacksaw Rigde, Fireproof, Courageous, Pride and Prejudice, Top Gun Maverick, The Sound of Freedom.* Enkele boeke is CS Lewis se *Narnia*-reeks of FA Venter se *Offerland, Gelofteland, Bedoelde Land.*

1. Predikantsvrou van die AP Kerk Outjo.

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

Het jy geweet ons publikasies kan ook aanlyn bestel word?
Gaan loer gerus by **www.liginduisternis.co.za**



# Hoe ek my seuns gehelp het om Christenmanne te word[1]

**Prof. Vern Poythress (1999)[2]**

**God het my twee seuns gegee om groot te maak, Ransom en Justin. Ransom is nou 14 jaar oud en alreeds 'n Christenman. Justin is 'n Christenseun, 12 jaar oud en besig om voor te berei om 'n Christenman te wees voor sy 13de verjaarsdag. Wat gaan hier aan?**

Iets spesiaal. Ek glo dat God vir my en my vrou, Diane, 'n unieke idee aangaande die opvoeding van ons kinders gegee het. Dalk kan jy dit ook op die opvoeding van jou eie seuns toepas. Ons het 'n spesiale feesviering en seremonie ontwikkel om ons seuns in Christelike manlikheid in te lei. Ons noem dit "Bar Jeshua" (seun van Jesus). Hierdie geleentheid dui die tydstip aan waarop 'n seun 'n man word, 'n volwasse dissipel van Christus.

## Die idee en die uitdaging

Byna elke kultuur in die wêreld het iets waaraan manne van seuns onderskei word. 'n Seun moet eers deur sekere rites gaan voordat hy amptelik as man beskou word. Die vraag is egter wanneer word 'n seun volgens die wit Amerikaanse kultuur 'n man? Wanneer hy sy bestuurderslisensie kry? As hy klaarmaak met skool? Wanneer hy stemreg kry of sy eerste voltydse betrekking beklee? As hy mondig word of eers as hy trou en sy eie huis besit? Niemand kan sê nie. Nêrens is daar 'n duidelike punt wat as oorgang aangedui kan word nie. Daar is nie eens een spesifieke rite wat as waterskeiding beskou kan word nie. Een gevolg hiervan is dat seuns dikwels onseker voel.

> **Hulle weet nie wanneer hulle mans is nie en probeer keer op keer bewys dat hulle "groot" is. Die gevolg is dat hulle dikwels hul manlikheid op negatiewe en destruktiewe maniere probeer bewys soos om te rook, te drink of 'n meisie bed toe te sleep.**

Wat doen ons om vir hulle behoorlike leiding te gee? Ons almal weet dat daar nie 'n towerformule is nie. Uiteindelik is dit God wat ons en ons seuns leer en Hy is die Een wat die groei bewerk (vgl. 1 Kor. 3:7). Ons kan egter plant en natmaak.

Ek het besluit dat een manier waarop ek my seuns kon help, was om vir hulle te wys wat dit beteken om 'n man te wees. Wat behels dit? In die Bybel word manlikheid nie gemeet aan jou vermoë om 'n krokodil dood te maak nie. Bybelse manlikheid is geestelik van aard. Dit behels die wysheid om God en sy wil te ken en uit te leef (vgl. Spr. 1:1-7). As pa behoort ek vir hulle 'n navolgenswaardige voorbeeld van manlikheid te stel sodat hulle my kan navolg soos ek Christus navolg (vgl. 1 Kor. 11:1). Wat 'n uitdaging! Ek slaag nie eintlik daarin om aan die Bybelse voorskrifte te voldoen nie maar deel van manwees, is om jou mislukkings te erken en om vergifnis te vra.

## Oorgang na manlikheid

Behalwe al die normale dinge wat deel van 'n Christelike leefwyse behoort te wees, het ek besluit dat my seuns 'n "oorgangrite" moet hê wat uit opleiding en keuring bestaan. Dit is nie maklik nie. Hulle moet hulle Christelike manlikheid kan bewys.

My seun, Ransom, het dit reeds deurgemaak. Hy weet dat hy nou 'n man is, nie net omdat hy hard daarvoor gewerk het nie, maar omdat ons ook 'n seremonie gehad het waartydens ons dit amptelik gevier het. Ons het mense uitgenooi en te midde van ongeveer 90 mense, sy vriende en van ons familievriende, moes hy sekere van die vrae weer beantwoord waarna ek voor almal verklaar het dat hy nou 'n man is. Die seremonie toon baie ooreenkomste met die Joodse Bar Mitzvah.

Ons het baie uit die Joodse model geleer. Hoewel nie ek of my vrou van Joodse herkoms is nie, was die Here Jesus tog 'n Jood en daarom is die Jode van die Ou Testament ons geestelike voorvaders. Daarmee saam woon ons ook

in 'n buurt met baie Joodse inwoners vir wie die idee van 'n seremonie ter viering van manlikheid, nie vreemd is nie. Selfs die Here Jesus het 'n soortgelyke seremonie deurgegaan (vgl. Lk. 2:41-50) waar hy as 12-jarige sy manlikheid deur sy kennis van die Bybel en 'n begrip van sy rol bewys het.

Buiten vir die normale Christelike opvoeding, het ons ons seuns van kleins af vertel van die Bar Jeshua wat ons vir hulle beplan. Ons het vir hulle vertel dat hulle op 12-jarige ouderdom manne gaan word, maar dat hulle daarvoor sal moet werk.

## Die opleiding

Die doel van die opleiding is Christelike manwees. Die opleiding moet dus ooreenstem met hierdie doelwit. Ons het vir hulle sekere projekte uitgewerk. Hulle is dan veronderstel om hul vaardighede in verskeie oorvleuelende areas te ontwikkel en ten toon te stel:

1. ***Kennis van die inhoud van die Bybel.***
    - Ken die Bybelboeke in volgorde.
    - Ken die Bybelse geskiedenis.
    - Lees die Bybel heeltemal deur.
    - Ken die hooftemas van Bybelboeke.
    - Verstaan hoe Bybelse lering in Christus sentreer.
    - Ken Bybelse Grieks en Hebreeus (op 'n toepaslike vlak vir die kind se vermoë).

2. ***Memorisering van bepaalde tekste en gedeeltes in die Bybel.***

3. ***Kennis van die belangrikste leerstellings van die Bybel (geloofsleer).***
    - Memorisering van 'n kategismus vir kinders as 'n opsomming van die geloofsleer.
    - Moet in staat wees om leerstellings in sy eie woorde te verduidelik en vrae daaroor te beantwoord.

4. ***Persoonlike toewyding.***
    - Gebruik van materiaal gemik op persoonlike stiltetyd.
    - Gebedsdagboek.
    - 'n Dag lange gebedswegbreek saam met Pa.
    - Groei in sy begrip van hoe om sonde te oorwin.

5. ***Projekte van diensbaarheid en barmhartigheid.***
    - Diensbaarheid in die gemeente en aan noodlydendes.

6. ***Wysheid in die hantering van verskillende aspekte van die lewe.***
    - *Finansies:* tiende; opstel van 'n jaar se begroting; basiese boekhouding; beleggings; ensovoorts.
    - *Etiket:* tafelmaniere; hoe om iemand te groet; hoe om 'n behoorlike brief te skryf; gespreksetiket en seksuele etiket.
    - *Apologetiek:* beantwoording van vrae en besware oor die Christelike geloof; verstaan van die Christelike wêreldbeskouing en van die belangrikste opponerende wêreldbeskouings in die VSA.
    - *Seksualiteit:* kennis oor wat die Christelike leer en standaarde ten opsigte van ons gedagtes en optrede is; begrip vir hoe God die manlike en vroulike liggame verskillend geskep het.

Oor 'n aantal jare word aan al hierdie areas aandag gegee. Dikwels integreer ons sommer van die werk met ons daaglikse huisgodsdiens. Ander kere word daar spesifiek tyd opsy gesit om op van hierdie areas te konsentreer. Op 11-jarige ouderdom sal ons sy vordering meet. Indien hy nog ver van reg is, is ons bereid om dinge vir 'n jaar of wat uit te stel. Indien hy egter groter volwassenheid toon, sal ons nog tyd aan meer gefokusde voorbereiding bestee.

Gedurende die twee of drie maande voor die Bar Jeshua-viering sal ons die hulp inroep van ons leraars, jeugleiers en professor-vriende (by my teologiese skool) om die seun privaat in elkeen van die onderskeie areas te toets. Ek is gewoonlik by tydens hierdie toetsing ter wille van morele ondersteuning, maar nie om hom enigsins met sy antwoorde te help nie. Ons bespreek ook die kerksaal, stuur uitnodigings uit en tref die nodige voorbereidings vir die komende seremonie.

## Die seremonie

Die Bar Jeshua-viering vind op 'n Saterdag plaas sodat meer mense dit kan bywoon. Ek verduidelik die seremonie eers aan almal en daarna lees ons seun 'n kort gedeelte uit die Hebreeuse Bybel en verduidelik dit. Daarna doen hy dieselfde vanuit die Griekse Bybel. Almal wat dan deelgeneem het aan sy ondervraging, sal dan 'n paar vrae aan hom rig as 'n soort mini-toets. Ons seun weet egter teen daardie tyd reeds dat hy geslaag het. Ons sing

1. Hierdie artikel is reeds in 1999 geskryf. Die artikel is deur die redaksie vertaal en aangepas en kan by hierdie skakel in sy oorspronklike vorm gelees word: https://bit.ly/3QuPJfY

2. Vern S Poythress is professor in Nuwe Testament aan die Westminster Teologiese Seminarium.

dan ons seun se gunsteling geestelike lied en bid vir hom. Daarna verklaar ek dat hy 'n man is waarna ons gesellig saam verkeer.

### Deurdink die gedagte

Wat dink ons seuns hiervan? Hulle voel geïntimideerd en soms raak hulle moedeloos. "Dit is te moeilik", sal hulle sê. "Ek hou nie hiervan nie." "Waarom moet ons dit doen?" Ons het dit juis moeilik gemaak, want manwees is nie maklik nie. Die lewe is nie maklik vir 'n Christen nie. Ons het hulle bly aanmoedig, maar hulle ook uitgedaag. Ons het nie voor die druk van buite geswig nie. "Waarom is ons anders?" sal hulle dikwels vra.

> **"Dit is wat Mamma en ek besluit het om te doen. God het ons vir julle opvoeding as mans verantwoordelik gemaak. Omdat julle deel van hierdie familie is, is dit wat ons doen."**

Dit is belangrik om 'n gesonde balans te handhaaf. Die take moet pas by jou kind se vermoëns. Dit moenie só moeilik of só tydrowend wees dat ons hulle "vertoorn" nie (vgl. Efés. 6:4). Aan die ander kant wil ons ook nie meedoen aan die tipiese luiheid van die Amerikaanse kultuur nie waar baie mense maar net saam met die stroom swem, sonder duidelike doelwitte en eerder vermaak wil word en werk wil vermy. Ander werk wel hard, maar met verkeerde doelwitte. Ons moedig harde werk aan met die oog daarop om Christus te dien. Ons probeer om ons seuns op 'n positiewe wyse aan te moedig, maar verbloem nie die feit dat ons besig is om teen die kulturele hoofstroom op te swem nie.

### Nog 'n man in die huis

Wat gebeur as die seun 'n man word? Hy het die voorregte van 'n man. Daardie voorregte moet natuurlik eg en betekenisvol wees. Ek moet erken dat hierdie deel my en Diane so bietjie bang maak. Ons het egter besluit dat dit beter is om ons jongman nou, terwyl hy nog in ons huis is, soveel vryheid as moontlik te gee. Op 14-jarige ouderdom is hy steeds jonk genoeg om ons om raad te vra. Hy is jonk genoeg om te besef dat hy nog nie alles weet nie. Ons reken dit is baie beter dat hy onder hierdie omstandighede die vryheid het om dinge te ondersoek en te probeer as wat hy eers hierdie vryheid kry die dag wanneer hy universiteit toe moet gaan en ons hom baie min sien en nie met hom oor al die uitdagings kan gesels nie.

Sodra ons seun 'n man word, is daar heelwat dinge wat verander. As 'n man het hy nie meer 'n oppasser nodig nie. Hy kan nou na die jonger kinders omsien. Hy bepaal sy eie slaaptyd en hoe laat hy opstaan. Hy besluit wanneer hy sy huiswerk doen en hoeveel tyd hy daaraan gaan bestee. Hy besluit self na watter televisieprogramme hy gaan kyk en ook hoe lank hy televisie gaan kyk. Hy kan selfs begin om 'n verbondsonderrigklas by die kerk aan te bied (aanvanklik onder toesig). Hy mag deelneem wanneer ek en my vrou sekere belangrike besluite bespreek, beplan en neem. Hy moet self kos vir sy troeteldier koop en dit versorg. Hy koop sy eie klere, skoolbenodigdhede en geskenke. Hy betaal selfs huur om in ons huis te mag bly. Dit beteken natuurlik dat ons sy sakgeld ook aanpas sodat hy in staat is om hierdie uitgawes te dek. Bykomend vergoed ek hom natuurlik ook met 'n gangbare loon wanneer hy ekstra take verrig.

Ons verwag van hom om betyds vir etes en bedagsaam teenoor die res van die huisgesin te wees. As hy iewers heen wil gaan, wil ons weet waar hy is. Sondagaande kom ons as gesin byeen om oor die week te gesels. Ons gesels steeds met hom oor sy geestelike lewe. Indien ons sonde in sy lewe opmerk, sal ons hom steeds daaroor aanspreek. Ons bemoedig en vermaan mekaar steeds as medegelowiges in Christus (vgl. Kol. 3:16). As deel van die liggaam van Christus is gelowiges immers vir mekaar verantwoordelik. Ransom se vryheid is nie 'n vryheid tot losbandigheid nie. Wanneer ek sien dat my broer in die geloof sy gedagtes met verkeerde televisieprogramme besoedel, of nie sy huiswerk doen nie of selfs te laat wakker bly sodat hy die volgende dag moeg gaan wees, sal ek met hom gesels en vra: "Is dit wys vir 'n Christenman om só op te tree?"

Tot dusver is ons baie tevrede. Dit was harde werk, maar Ransom is nou 'n man. Natuurlik het hy behoeftes en begeertes soos enige persoon van sy ouderdom, maar wanneer dit by belangrike sake kom, tree hy soos 'n man op. Natuurlik is hy nie perfek nie. Hy maak ook maar foute en toon soms nog tekens van onvolwassenheid, maar ons het 'n groot verandering ná sy Bar Jeshua opgemerk.

**ADVERTEER IN *DIE BOODSKAPPER*!**
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za

HULDEBLYK:

# Ds. Flip Olivier

**Met groot vreugde het ons ds. Flip en tannie Trix in Junie 2022 in die AP Kerk Vanderbijlpark verwelkom. Min het ons geweet dat ons sy waardevolle preke net vir 'n kort rukkie sou kon aanhoor. Hy het warmte en vreugde na ons gemeente gebring.**


Ons sal hom altyd onthou vir sy grappies en die manier waarop hy gestaan het wanneer hy nou regtig 'n preek geniet het. Hy sou vooroor leun, sy een been agtertoe versit en dan het ons geweet hier kom 'n preek met 'n boodskap wat ons beslis ná die erediens gaan bespreek.

Ds. Flip het die gawe gehad om 'n mens altyd op jou gemak te laat voel en hy het tyd gemaak om na jou te luister. Jy kon enige problem met hom bespreek.

Hy was altyd eerlik en op die man af met sy antwoorde – maar ook met 'n grappie byderhand. Hy was 'n hartlike en gemaklike leraar en sy heerlike geselsies ná die erediens was altyd iets om na uit te sien.

Ons het baie by hom geleer hoe ware geloof moet lyk. Ds. Flip het die gawe gehad om jou in jouself te laat glo en het ons geleer om nie te oordeel nie, maar om 'n ander op te tel in stede van af te breek. Daar is min mense wat so uit die Bybel kon aanhaal om daarmee raad oor jou unieke omstandighede te kon gee.

Al het hy hoe sleg of siek gevoel, het hy sy weg oopgesien om ons gemeente steeds te bedien. Soms was ons min, maar dit het hom nie gekeer nie. Hy was altyd op sy pos wanneer 'n gemeentelid siek of ongesteld was, met 'n oproep of 'n besoek. Gedurende die laaste braai wat ons gehad het, het hy ons gewys hoe 'n mens jou stukkie braaivleis tot en met die laaste happie moet geniet. Hy was so lief vir sy gebraade tjoppie.



Nader aan die einde was hy bitterlik moeg, maar het steeds geweier om by die huis te bly en te rus. Hy het daarop aangedring om al die pad van Pretoria af te ry om vir ons 'n boodskap te bring. Niks was ooit vir hom te veel moeite nie. Ons wil tannie Trix en Flippie bedank vir hul geduld, liefde en sorg aan ds. Flip. Hy was 'n besonderse mens en die AP Kerk Vanderbijlpark het 'n baie goeie herder verloor. Ons gaan hom baie mis.

**AP Kerk Vanderbijlpark**

**VOORNEMENDE EN HUIDIGE KOVSIES:** Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede. **AP Kerk Bainsvlei – Kontak ons by 082 614 5857**

**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**AP KERKDASSE**

Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos: pietersburg@apk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00



# Is Bybelse mans "sagte seuns"?

**Ds. Gideon Aggenbag**[1]

**Van oudsher af is die man dié een wat liggaamlik sterk is en dus, eerder as die vrou, optree as die beskermer, die jagter, die aggressor, die oorlogmaker.**

Selfs in die Woord van God, met enkele uitsonderings, word die dominante rol aan die man toegeken. Hy word aangewys as die hoof van sy vrou en sy gesin (vgl. Efés. 5:23). Hy verlaat sy ouers om sy vrou aan te hang (vgl. Gén. 2:24). Saam met sy gesin is hulle 'n nuwe, afsonderlike eenheid waaroor God die man as hoof aangestel het.

Manne word gesalf tot konings, priesters en profete terwyl die vroue as't ware in die "liefdevolle skaduwee" van die mans leef. Mettertyd het hierdie "manlike" rol egter begin verander soos sosiale, kulturele en politieke verhoudings dit beïnvloed het. Die man se rol as "broodwinner" het begin bes gee aan die vrou as "medebroodwinner", en selfs "dié broodwinner". Die huismoeder het al hoe meer besigheidsvrou geword en kinders se opvoeding is gevolglik in die hande van vreemdes oorgegee. "Menseregte", en veral "gelyke regte", het verder die manlike en vroulike rolle op dieselfde vlak begin stel.

Die negatiewe gevolge hiervan is velerlei. Die Godgegewe orde in die gesins- en maatskaplike lewe is in baie opsigte omgekeer. Die man, kultuurhistories die vegter, oorlogmaker en besluitnemer, se gesinstyd word al hoe meer opgeneem deur sy werk, en sy werkgewer se eise en verwagtinge word al hoe meer geprioritiseer. Die eertydse strydros is nou 'n gehoorsame, toegeeflike en tegemoetkomende allemansvriend. In die gesinslewe neem die vrou al meer die teuels in eie hande, terwyl sy ook die eise van háár werkgewer, sowel as die verantwoordelikhede wat dáármee gepaardgaan, moet balanseer. So het dit maklik vir 'n man geword om 'n "sagte seun" te word ter wille van die eise van die kultuur en die samelewing waarin hy hom bevind.

## Jý, die Bybelse jongman

Die kultuur van ons hedendaagse samelewing hou geweldige uitdagings vir jongmanne in. Van watter kerklike denominasie jy ook al mag wees, kon daar moontlik 'n gebrek aan 'n Bybelsgefundeerde opvoeding in jou ouerhuis gewees het. Op skool (en selfs in sommige "kerke") is jy miskien reeds wysgemaak dat makroëvolusie 'n feit is en gerusgestel dat selfdegeslagverhoudings 'n doodnatuurlike verskynsel is.

Tussen al hierdie slagysters deur moet jy as man van God 'n veilige pad vind. Dit is 'n pad van waaksaamheid en stryd teen enigiets wat buite die wil van die Here is. Beslis nie 'n pad vir sagte seuns nie!

Wanneer God se Woord jou oproep: *Waak, staan in die geloof, wees manlik, wees sterk* (1 Kor. 16:13), is die fokus nie op hoe sterk jy liggaamlik is nie, maar op hoe sterk jy innerlik is: hoe vas jy staan teen versoekings; hoe beslis jy verkeerde gedagtes afskud; hoe rigtingvas jy God se weg volg.

> **Jou krag lê in die feit dat jy afhanklik van God bly ... *want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon* (2 Kor. 12:9).**

Die belangrikste beginsel is dat jy in die Here Jesus Christus geanker moet bly (vgl. 1 Petr. 3:15; 5:8-9). Dit beteken dat jy jou as't ware met Hom moet beklee en geen voorsiening moet maak om jou vleeslike begeertes te bevredig nie (vgl. Rom. 13:14). Paulus verduidelik dit baie mooi in Romeine 6:3-8, 11: soos die Here Jesus gekruisig is, gesterf en opgestaan het uit die dood, moet jy jouself daagliks kruisig – [jou] *kruis opneem en* [Hom] *volg* (Mk. 8:34); gedurigdeur aan jouself en die sonde sterf; jou in alles deur die Heilige Gees laat lei (vgl. Rom. 8:14).

Hierdie pad van selfverloëning is beslis nie vir sagte seuns nie. As dissipel van Jesus Christus sal jy manhaftige, besliste besluite moet neem en dit volhardend en doelgerig uitvoer met die doel om God daarmee te eer en te verheerlik.

Ja, jy sál jouself dikwels teleurstel en vind dat jy dinge dink, doen en/of sê wat jy nie wou nie, of selfs nalaat wat jy moes (vgl. Rom. 7:15, 19). Die feit is egter dat ons almal dikwels struikel (vgl. Jak. 3:2). Die uitdaging vir die man van God is om weer op te staan, jou struikeling te bely en vir voortgesette diens aan te meld (vgl. Lk. 5:18-19).

**Die man wat die Here uit liefde en dankbaarheid wil volg, wéét dat die Vader die Heilige Gees sal gee aan dié wat Hom bid (vgl. Lk. 11:9-13); *Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug* (Efés. 6:12).**

En dít verg innerlike krag, vasberadenheid, en liefde vir beide God en medemens.

## Die keuse van 'n lewensmaat

Wanneer jy as jongman begin dink aan die moontlikheid van 'n huwelik, word jy alreeds gewaarsku: ... *vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid* ... (2 Tim. 2:22). Daar is heelwat oorwegings wat jy in ag sal moet neem wanneer dit by die keuse van 'n lewensmaat kom – een wat saam met jou die Here sal dien en saam sal werk aan 'n gelukkige gesin en 'n goeie opvoeding vir kinders. Na watter karaktertrekke (of samestellings daarvan) gaan jy in 'n lewensmaat soek? 'n Ondeurdagte keuse kan jou goedskiks lei om 'n verkeerd-gemotiveerde keuse te maak; en dít kan jou baie vrede en geluk ontneem – selfs lewenslank. *Ken* [liewer die Here] *in al jou weë, dan sal Hý jou paaie gelykmaak* (Spr. 3:6).

Vlug vir 'n vrou wat daarop uit is om mans uit te lok, hetsy deur kleredrag of gedrag. Oor 'n moontlike lewensmaat, vra jouself die volgende: Ken sy die Here Jesus as Verlosser en Saligmaker? Is sy 'n gereelde kerkganger? (vgl. Hebr. 10:25). Het julle dieselfde geloofsoortuigings, of sal jy in sommige opsigte kompromieë moet aangaan? Verstaan julle dieselfde oor die huweliksverhouding tussen man en vrou, soos God se Woord dit leer?

## In die huwelik

God het mans fisiek sterker as vroue geskape. Hy roep hulle op om verstandig met hul vrouens saam te leef en aan hulle, as die swakkere geslag, eer te bewys (vgl. 1 Petr. 3:7). Jy is dus die beskermer van jou vrou en kinders, selfs tot die dood toe. Om verstandig saam met hulle te leef, beteken óók dat jy hul veiligheid en geluk in al jou beplannings sal insluit. Insgelyks sal jy ook optree as beskermer van die swakkes en die weerloses.

Jy moet jou vrou liefhê en nie teen haar verbitterd word nie (vgl. Kol. 3:19). Daar sal egter tye kom wanneer julle van mekaar verskil. As julle ná nugtere, liefdevolle bespreking nie tot 'n bevredigende vergelyk, waarin al twee se beste belange in ag geneem word, kan kom nie, is dit jou verantwoordelikheid, as hoof van die vrou, om 'n wyse, verstandige en weloorwoë besluit te neem – 'n besluit wat God se koninkryk sal dien én jou gesin se beste belange sal bevorder. Dit vereis 'n vaste geloof en innerlike krag.

## Jou sosiale lewe

Kies jou vriende sorgvuldig. Sommige kan jou aftrek tot sotheid en ligsinnigheid. Kies twee of drie ouer Godvresende manne as jou rolmodelle. Let op, leer van hulle, beoefen hul deugde en vermy wat, volgens jou oordeel, by hulle nie volgens God se wil is nie. Selfs Paulus was nie altyd in die kol nie (vgl. Rom. 7:15, 19; Lk. 18:19). Jy kan ook self 'n rolmodel vir ander wees ter wille van God se koninkryk (vgl. 1 Kor. 11:1; Gal. 4:12).

## En jou aggressie?

Elke mens ondervind frustrasie en woede op die een of ander stadium, maar God waarsku: *Wees nie haastig in jou gees om jou te vererg nie, want ergernis rus in die boesem van die dwase* (Pred. 7:9). Dít is wanneer jy moet onthou dat die Gees jou wil lei; dat die krag van Christus in jou woon; hoeveel jy self vergewe is (vgl. Kol. 3:13).

**Neem jou emosies na God in gebed, vergewe en bid vir dié wat jou veronreg het; *en die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal jou hart en jou sinne bewaar in Christus Jesus* (Filip. 4:7).**

Bly koersvas en sterk, want God se pad vir jou as man, is inderdaad nie vir sagte seuns nie!

1. Emeritusleraar. Bedien die AP Kerk Port Elizabeth.



# "Manlikheid sonder permissie"[1]

**Douglas Wilson**[2]

**Verhoudings tussen die geslagte was selde aan flarde soos dit nou is. En dít omdat ons teen die oppergesag van God (vgl. Efés. 5), die algemene skeppingsorde en ons eie gewete gerebelleer het en daarom tot 'n groot val gekom het. Die wêreld was deur die geskiedenis nog altyd sondig, maar daar is tog verskillende grade van afvalligheid, wat deur 'n verkeerde ingesteldheid vererger kan word.**

Ek het al geskryf[3] oor die plaag van vaderloosheid[4] en die gevolglike hunkering na 'n vaderfiguur. Vaderloosheid verwys nie net na die fisieke afwesigheid van 'n vader nie, maar ook na vaders wat liggaamlik teenwoordig, maar onbetrokke is. In albei gevalle het die hedendaagse tendens van vaderloosheid 'n drieledige impak: op die vrouens wat moet toekyk hoe hul kinders verwerp word deur die een wat hulle verwek het; op die vrouens wie self die vervreemding tussen vaders en kinders veroorsaak het; op die kinders wat wees gelaat word met 'n "vaderhonger" en sonder 'n rolmodel om na te volg.

In 'n poging om hierdie katastrofe en sy gevolge aan te spreek, moet ons terugkeer na hierdie definisie van manlikheid:

> **"Om blymoedig die Goddelike opdrag van dienende (selfopofferende) verantwoordelikheid (gesagvolle leierskap) te aanvaar" – 'n definisie wat nog nooit grootpratery en afknouerige gedrag ingesluit het nie.**

Ons het egter vir geslagte lank bly hamer op al die negatiewe aspekte van manlikheid en so onwetend help vorm aan die tameletjie waarmee ons tans sit.

Ons sal moet wegdoen met evangeliese kringe se definisie van diensknegleierskap. Wanneer 'n vals definisie daarvan aan die kerk voorgehou word, sal net dié buite die kerk dit ignoreer. Ware Christenmans, wat valslik glo dat hulle in ooreenstemming met die Woord daaroor geleer word, sal gehoorsaam hul Godgegewe leierskapsrol in die huis versaak onder die vaandel van sogenaamde diensknegleierskap. Daar is 'n hemelsbreë verskil tussen opregte diensknegleierskap (wat Christus as voorbeeld het) en dit wat tans verkondig word (waar mans elke keer moet toegee as vroulief ongelukkig is). Deur klem te lê op die vals definisie, het die kerk 'n sogenaamde eerbare term geskep wat dien as rookskerm vir loutere lamsakkigheid.

Wanneer ordentlike mans probeer om "nie so manlik" te wees nie en die swyne (ongelowiges) juis daarop fokus om méér "manlik" te wees, sal dit tot gevolg hê dat ons al meer met "toksiese manlikheid" te doen kry. Niemand kan ontken dat toksiese en oordrewe vorme van manlikheid wel bestaan nie, maar ek moet byvoeg dat feminisme dit help vorm het en ons tot die punt gebring het waar gewone, standaardmanlikheid ook sommer as "toksies" afgemaak word.

Daar is twee soorte bejammerenswaardige vrouens (betreffende die huweliksverbintenis): God het die vrou geskape om by haar man te pas en daarom hunker sy altyd daarna om in 'n vaste verhouding met hom te staan. Die band van hierdie verhouding is 'n verbond – iets wat deur die moderne mens verwerp word. Die man is deur God as hoof van hierdie verbond aangewys en die verbond word in stand gehou deur die gesag van die verbondshoof. Die hedendaagse verwerping van gesag het hierdie verbond, wat God as beskerming vir vrouens en hul kinders ingestel het, kragteloos gemaak. Mans en vrouens staan nie meer in 'n heilige verbond met mekaar nie en omdat vrouens steeds daarna hunker, maak hulle sekere aanpassings om sodoende te kompenseer vir die verlies aan verbondenheid. Hulle doen dit op een van twee maniere:

1 Die eerste groep vrouens probeer om hul mans deur middel van seks aan hulle vasgegom te hou. Daarom glo hulle dat *Cosmopolitan* se 5 892 wenke (oor hoe om 'n man tussen die lakens te hou) en pornografiese filmsterre, hulle die weg moet wys. Maar seks is nie die gom nie – dit is die komponent wat vasgegom moet word. En die enigste ding wat sterk genoeg is om die man vas te gom, is 'n verhouding wat ontspring uit 'n diepe ontsag vir die Here.

2 'n Tweede groep vrouens poog om hul verhoudings met hul mans te handhaaf deur 'n magspel van vrees. Ons kultuur help om hierdie vrouens se magsposisies in stand te hou deur enige en elke aantyging wat hulle maak, te rugsteun, ongeag die feite. Dit is wat die blanko tjek "glo altyd die slagoffer" eintlik beteken. Dit wil nie net vrouens bo mans bevoordeel nie, maar wil uiteindelik vrouens bo die oppergesag van die reg verhef. En so oefen 'n leër van bitsige vrouens 'n groot invloed op ons kultuur uit. Hoe is dit moontlik? Hierdie vrouens kry hul sin omdat hul mans hulle vrees!

Vroue wêreldwyd, so lyk dit, bevind hulle tans tussen die duiwel en die diep blou see waar hulle 'n onsmaaklike keuse moet maak tussen "vrou van die nag" of "viswyf". Om 'n deugsame vrou te wees wie se waarde (deur haar Godvresende man) ver bo korale geag word, word deesdae van die tafel af gevee. 'n Man wat sy vrou liewer as die lewe self het, is 'n bedreiging vir almal. Wat bedoel ek dus met "manlikheid sonder permissie"? Dat hedendaagse mans wat aan God gehoorsaam wil wees, vier steil heuwels binne bestaande gesagstrukture sal moet uitklim. God het drie basiese gesagstrukture ingestel: die burgerlike gesag, die kerklike gesag, die uitoefening van gesag binne die gesin. In ons tyd is al drie onder skoot en pogings om die Goddelike orde daarin te herstel, word heftig teengestaan.

Die eerste stap tot regstelling is om die vierde en steilste heuwel te klim – om met hernude, persoonlike toewyding die manlike gesagsrol te herstel. Christenmans moet besef dat daar daadwerklik saamgesweer is om hulle as't ware te ontman en dat hulle 'n bewustelike keuse vír God en daartéén moet maak – om daadwerklik daarvan weg te loop "sonder permissie". Hulle moet kies om manlik te wees: sonder 'n lisensie van die burgerlike gesag; sonder "diensknegleierskapgoedkeuring" van ouderlinge; sonder 'n toestemmingsbriefie van hul vrouens.

Wanneer mans dit doen, sal dit hulle nie meer pla as ouderlinge uitwys dat Jordan Peterson nie 'n Christen is nie (wat hy nie is nie). Waarom klink hy dan vir hulle meer Bybelsgefundeerd as die kerk? Die feit dat hy nie 'n Christen is nie, moet nie die basis van mans se argument wees nie. Dit moet veel eerder hul verleentheid wees.

Buitendien, waar die Here Jesus verwys na diegene wat ter wille van die koninkryk "ontman" is (vgl. Mt. 19:12), het dit nie gegaan oor die prysgee van Bybelse manlikheid nie.

---

1. https://bit.ly/3OhTBP0
2. Vertaal en verkort: Arista Brown/redaksioneel.
3. Douglas Wilson is leraar van Christ Church in Moskou, Idaho (VSA) en skrywer van talle boeke.
4. D. Wilson, *Father Hunger: Why God Calls Men to Love and Lead Their Families*, Nashville,Tenenessee: Thomas Nelson, 2012.
5. Douglas Wilson skryf in sy boek: "Fatherlessness is a 'rot that is eating away at the modern soul' and the problem goes far beyond physical absence. Most of our families are starving for fathers, even if Dad is around, and there's a huge cost to our children and our society because of it."


## Belfast Rusoord

*Kom maak ons rusoord jou tuiste waar jy in goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike senior burgers rustig kan raak.*

WEES BARMHARTIG

ONS BIED DIE VOLGENDE: 24 uur mediese versorging • GKTV • 24 uur sekuriteitstoegangsbeheer • Drie gebalanseerde maaltye per dag • Aktiwiteite vir elkeen.

PRYSE: Semiversorgend – R6 180 • Verswakte bejaardes – R 6 720. Woonstelle: Selfversorgend – Eenmanwoonstel – R2 830 • 1 Slaapkamer R4 500 – 2 Slaapkamer R6 070.


**Kontak die bestuurder vir enige navrae:**
**Riana de Villiers by 013-253 3121 / 063 663 7449 of e-pos: manager@belfastrusoord.co.za**



# Gemeentenuus

**AP KERK ALGOA**

## Hartlik geluk, ds. Gideon!



*Ds. Gideon Aggenbag*

Ons leraar, ds. Gideon Aggenbag (emerituspredikant), het op 11 Mei 2023 'n rype 90 jaar oud geword. Watter groot stuk genade van die Here is dit om nog op hierdie hoë ouderdom in 'n voltydse predikamp te staan en 'n gemeente te bedien!

Ds. Gideon is geseënd met nié net die vermoë en insig om die Woord van die Here suiwer en op 'n maklik verstaanbare wyse tydens prediking oor te dra nie, maar dit ook met energieke oordragingsvermoë te doen. En sy groot begeerte? "Om, as die Here my dit toelaat, vir 100 jaar nog sy Evangelie te verkondig."

Ds. Aggenbag is tans die oudste dienende leraar in die AP kerkverband. Trouens, hy is waarskynlik die oudste dienende leraar ooit in die AP Kerk en sal sekerlik só in die geskiedenisannale onthou word. Ons bede is dat die Here hom nog baie jare in sy diens, in ons gemeente, sal gebruik.

Kerkraad

**AP KERK NELSPRUIT**

## Pinksterweek

Lidmate het 'n baie inspirerende Pinksterreeks gedurende Pinksterweek bygewoon. Die oorkoepelende tema van ds. Louis Kirstein se boodskappe was: "Elke gelowige 'n getuie".



Beurtkrag is trotseer met lampe en flitsliggies, wat die ouer garde herinner het aan hul jonger dae – die tye sonder elektrisiteit. Ná elke Pinksterdiens kon die tradisionele sop en broodjies, met 'n afwisseling van 'n pasta-aand, geniet word.



Die Pinksterweek is Sondag met die Pinksterfees afgesluit. Gedurende die Pinksterfees is die siel gevoed aan die nagmaaltafel, waarna die gemeente ook die liggaamlike kon voed deur aan te sit vir 'n heerlike laatontbyt. Die susters het gehelp met die beplanning, die gereedmaak en pragtige versiering van die tafels, terwyl die broeders die ontbyt voorberei het. 'n Aangename en gemeensame atmosfeer het geheers. Dit was inderdaad 'n heerlike feesviering om die Pinksterweek af te sluit.



Pinkster-2023 was voorwaar 'n verrykende ervaring. Alle eer aan ons Here!

Miemie van Niekerk (namens die Vroue-Aksie)

AP KERK ALGOA

## Oudste dienende leraar: Ds. Gideon (Frederik) Aggenbag

Ek aanskou die eerste lewenslig op 11 Mei 1933, op die trekpad, in my geliefde Namakwaland (distrik Vanrhynsdorp). Behalwe skoolgaan, was my gunsteling-tydverdryf om in die veld te wees, tussen die skape en die bokke. Toe my pa later jare spoorwegwerker word, het ek al my beskikbare tyd, buiten skooltye, in die veld spandeer.

My skooljare was hoofsaaklik koshuisjare op Nuwerus. Daar was geen radio of koerante nie. Behalwe my skoolboeke, was die Bybel my gunstelingstorieboek. Daaglikse huisgodsdiens saans is voorafgegaan deur 'n halfuur tot 'n uur se samesang – die hoogtepunt van die dag.

Met geen beroepsvoorligting nie is ek ná st. 8 (gr. 10), Kaapstad toe. My eerste werk was pos-en-telegraafassistent. Daarna was dit militêre diens en die Spesiale Diensbataljon van die SA Weermag. Ek het my vroutjie Helena in 1955 ontmoet en ons is in 1956 getroud. Daarna vorder ek tot stasiebevelvoerder by die Kaapse Provinsiale Verkeer (Aliwal-Noord) en later tot tweede in bevel (Oos-Kaap-streek).


Gedurende 'n reeks evangelisasiedienste (King William's Town) roep die Here my tot sy diens. Gedurende 1974, op die ouderdom van 41, bedank ek en kry tydelike werk in Belville. Daar het ek in my vrye tyd 'n bestuurskool begin met die oog op my universiteitsjare.

Gedurende my studiejare in Stellenbosch (1975-1981) het ek twee inkomstebronne: my bestuurskool en nagskofwerk as sekuriteitswag by Buitelandse Sake (Kaapstad).

Vroeg in 1982 ontvang ek 'n beroep na die NG Kerk Leondale (Oos-Rand) – 'n gemeente in geldelike verknorsing. Gedurende die swaar depressie van 1987 kon die gemeente nie my traktement bekostig nie en moes ek vroeë pensioen aanvaar. Ek moes toe op verskillende maniere 'n inkomste verdien.

Ná 'n tweejaarkontrakpos in die NG Kerk Joubertina, met opdrag Senior Lidmate, trek ons in 2010 terug na Uitenhage. Om verskeie redes het ons ons attestate na die AP Kerk Uitenhage aangevra. Op daardie stadium was ek deel van 'n groep lidmate van die NG Kerk wat teen haar dwaalleringe gestry het. Ek was medeskrywer van die 2010-publikasie: *Die Trojaanse Perd in die NG Kerk – die kanker van liberalisme en homoseksualiteit.* Ons het ook die internetblad glodiebybel.co.za begin.

Die AP Kerk het my status as leraar bevestig. Gedurende 2014-2018 is ek skriba/kassier by die AP Kerk Uitenhage tot die begin van my kontrak-bediening by die AP Kerk Port Elizabeth. Ná 'n huwelik van 64 jaar is my vroutjie, Helena, oorlede. Ek is weer getroud met Mariki, vantevore 'n weduwee.



Ek beskou die kronkelpaadjie van my lewe as 'n opleidingskool waardeur die Here my gereedgemaak het om sy doel met my lewe te bereik. Sedert my legitimasie 42 jaar gelede (1981) geniet ek die bestudering en prediking van die Evangelie steeds meer en meer. Ek sien ook vooruit na moontlike jare waarin Hy my dit nog wil gun. Ek plaas reeds vir baie jare my preke op my Facebook-blad en my audiopreke en -oordenkings op my WhatsApp-groep (Algoa Bybelstudie). My pogings om 'n evangeliesasiegroep by die St. Albans-gevangenis te begin, was tot dusver onsuksesvol.

**Kerkraad**

AP KERK PRETORIA-OOS

## Wenjas-kamp 2023



Die naweek van 15 Maart het jongmense van die AP kerkverband weer gekamp, hierdie keer net buite Pretoria. Die Wenjas-kamp is ’n inisiatief van die AP Kerk Pretoria-Oos, onder leiding van ds. Attie Boshoff. Die tema van hierdie kamp: “Liefde vir die eie, en respek vir ander” het sy wortels in die gesprekke van die vorige kamp en het soveel meer toepaslik geword nadat Kerkorde Artikel 3 by Sinode 2022 gewysig is.

’n Kamp soos hierdie wil nie ’n aksie- of aktiwiteitsbelaaide samekoms wees nie. Dit wil eerder die leemte onder jongmense vul wat soms eensaam in hul gemeentes voel. Party van die jongmense is die enigste lidmate van hul ouderdomsgroep en daarom wil hierdie kamp jongmense die geleentheid bied om saam te praat en ’n koers te kies met die oog op die toekoms.

Ná ’n stuksgewyse aankoms Vrydagmiddag het ons die aand ’n vuurtjie aangesteek, heerlik geëet en mekaar daarna, rondom ’n beker koffie en met die hulp van ’n paar speletjies, beter leer ken. Saterdagoggend het begin met ’n paar brawe manne en vroue wat gaan draf het. Ander het rustig wakker geword met ’n koppie boeretroos en beskuit.

Ds. Emile Trollip het gedurende die eerste aanbieding die klem laat val op die tweede deel van ons tema: “Respek vir ander”. Hoe hanteer ons die ander volke, rasse en kulture in ons land? Hoe verstaan ons dit in ’n Bybelse konteks? Wat is die kerk se verhouding daartoe? Hy het ons regdeur die Bybel gevat, belangrike punte vasgelê en beslis ook ’n vars uitkyk gegee. Die aanbieding het goeie bespreking ontlok en dit was goed om te sien hoe die groep ’n bietjie ontdooi. ’n Saak wat beklemtoon is, is dat hierdie verhoudings en bande nie by respek kan stop nie. In navolging van die Here Jesus kan ons nie anders as om ’n liefde te toon wat iets weerspieël van die liefde wat Hy vir ons het nie.

Ná ons gesprek Saterdagoggend was daar tyd vir ontspanning. Ds. Attie het die tweede aanbieding gelei en dit het hoofsaaklik gefokus op ons as lidmate van die AP Kerk: “Die liefde vir die eie”. Wat het die verandering in Kerkorde Artikel 3 teweeggebring? Hoe moet ons hierdie verandering verstaan? Wat is ons verantwoordelikheid teenoor ander kerke in ons land? Dit is ’n onderwerp waaroor daar diep nagedink moet word en dit was ook duidelik dat dit iets is waarmee ons jongmense worstel. Die formele deel van die kamp het met ds. Attie se aanbieding geëindig. Ná Saterdagaand se ete het ds. Emile ons Bybelkennis weer behoorlik getoets met sy eie uitvindsel: Gevaarspel.

Ds. Emile het die erediens Sondagoggend gelei, waarna ons traag begin afskeid neem het. Dit was ’n ongelooflike groep jongmense bymekaar, wat kerksake én hul geloof ernstig opneem. Dit gee moed vir die toekoms van ons kerkverband en Christene in hierdie land.

Ons het al begin beplan aan die volgende kamp. Dit vind DV plaas die naweek van 21-24 Maart 2024 by die Esperanza-kampterrein te Viljoenskroon.

**Jurgen Linde**

AP KERK HLUHLUWE/SODWANABAAI

## Bevestiging van kerkraadslede

Op Sondag 11 Junie 2023 is die volgende broers as kerkraadslede in die Hluhluwe-gemeente bevestig. Ouderlinge: Mof Erasmus, Hannes van Staden, Thys Visagie, Dawie Swanepoel. Diakens: Marnus van Staden, Cornie Smit, Danie Wolfaardt, Dandré Bisschoff.

Op dieselfde Sondag is in die wyk Sodwanabaai as ouderlinge bevestig: Broers Jannie Nel en Jorrie Jordaan. As diaken: Broer Riaan Odendaal.

Ds. Adriaan Bester



*Voor vlnr. Ouderlinge: Mof Erasmus, Hannes van Staden, Thys Visagie, Dawie Swanepoel. Agter vlnr. Diakens: Marnus van Staden, Cornie Smit, Ds. Adriaan Bester, Danie Wolfaardt, Dandré Bisschoff.*

AP KERK DERBY

## Nuus

**Verjaarsdagviering: Leraarspaar**
Op Sondag 16 April 2023 het die gemeente saam met prof. Johan en suster Stephanie hul verjaarsdae, wat in Maart en April was, gevier.

**Nuutverkose ouderling en diaken**
Broer Gerhard Hanekom (ouderling) en broer Buks Erasmus (diaken) is op Sondag 25 April in hul onderskeie ampte bevestig. Hulle word seën op hul diens toegebid.

**Môremark**
Op Saterdag 29 April het die gemeente weer 'n môremark voor Derby Slaghuis gehou. Almal het heerlik gekuier, terwyl daar ook hard gewerk is.

**In memoriam**
Die volgende lidmate is oorlede: Marie Botes (25 Maart), Jakes Botes (15 April), Elsie Cordier (4 Julie), Hannes Harmse (7 Julie). Hul naasbestaandes word die vertroosting van ons hemelse Vader toegebid.

Elaine Claassens



*Verjaarsdagviering*



*Nuutverkose ouderling en diakan*



*Môremark*



*Die susters is besig met 'n brei- en hekelprojek om komberse vir 'n kinderhuis te brei en te hekel.*

## Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

## Bloemfontein Oornagwoonstel

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

**Selfsorgakkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.
NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

MAJUBA 1881

**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

## Kasteelsig Gastehuis Pretoria

**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**

±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal
**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

## EDENPARK KAMPEEROORD

Edenpark Kampeeroord is in die hartjie van die Waterberg-distrik geleë, 14 km buite Naboomspruit. Ons bied 31 luukse kampeerstaanplekke, elk met privaat ablusie- en opwasgeriewe. Kom beleef die rustigheid van die Bosveld.

**www.edenpark.com**
**082 455 9320 | edenparkoord@gmail.com**

## Gariepdam

Bekostigbare oornagverblyf, goed geleë in die middel van SA, tussen Gauteng, Kaap, Natal en Oos-Kaap. Verskeidenheid opsies beskikbaar, vanaf enkelpersone tot groot gesinne, asook groepe. Veilige parkering in 'n rustige omgewing.

**Kontak Debbie: 082 326 5714**

## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.


Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria


**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** JULIE/AUGUSTUS 2023, BL. 11



| LM | NO | NN | BB | XY | SS | DD | UX | JJ | GG | EE | KK | AA | AR | RS | FF | CC | PP | HH |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | D | E | G | H | I | J | K | L | M | O | P | R | S | T | U | V | W | Y |

**AP KERK RUSTENBURG**

## Nuus

### Nuus uit die pastorie

Op 23 April 2023 het ons suster Tersia se verjaarsdag met tee en verversings ná die erediens gevier. Op 18 Junie het ds. Nico die voorreg gehad om die doop aan hul kleindogter, Anjubé, in die Gereformeerde Kerk Sandbaai (Hermanus) te bedien.


*Ds. Nico en Tersia*

### Bybelstudie

Ons het al gevorder tot by die boek Esra.

### Katrienkie

Op Saterdag 6 Mei 2023 het Katrienkie haar "handsakpraatjie" in Rustenburg aangebied en al die susters wat teenwoordig was, is dit eens dat dit 'n geestelik verrykende oggend was.


*Ds. Nico doop sy kleindogter, Anjubé*

### Ringsitting en nagmaal

Op Saterdag 20 Mei was die AP Kerk Rustenburg vir die eerste keer in jare gasheergemeente vir die ringsitting en die susters het die gaste hartlik ontvang en behoorlik op die hande gedra met 'n heerlike ontbyt, tee en verversings en middagete. Die volgende dag het die gemeente nagmaal gevier wat gevolg is deur die gebruiklike gemeente-ete.


*Katrienkie*

### Pinksterreeks

Van 21-25 Mei is die jaarlikse Pinksterbyeenkomste gehou. Elke geleentheid het bestaan uit samesang, 'n kort boodskap deur ds. Nico en gebed, waarna almal in die saal saam aandete geniet het.

### Barmhartigheid

Die gemeenteprojek is vanjaar die insameling van rys, lensies, droë ertjies, ekstrakblokkies en pakkies sop, asook leë bottels. Op Sondag 28 Mei, ná die erediens, het almal wat beskikbaar was in die saal bymekaargekom en die bestanddele in die bottels verpak. Elke bottel is van 'n etiket en 'n sakkie voorsien en toegebind. Vyf-en-dertig van hierdie bottels is op Vrydag 9 Junie aan die huismoeder van 'n huis van veiligheid in die Koster-omgewing oorhandig. Die besoek was 'n openbaring!


*Gemeente-ete*

### Psalm 1

Rustenburg-gemeente is trots om te kan sê dat sy nou Psalm 1 kan sing! Oor hoe dit gebeur het, is daar egter 'n meningsverskil: Die predikant sê dit was sý idee en die orrelis sê sý het besluit om die psalm in te studeer en met verdrag tydens die voorsang te laat sing ... Hoe dit ook al sy, Psalm 1 is nou amptelik deel van ons repertorium nadat ds. Nico op Sondag 2 Julie oor Psalm 1 gepreek het en Psalm 1:1, 2, 4 die slotsang was.


*Karlien Erasmus, Cheryl (huismoeder) en Micky Badenhorst*

Micky Badenhorst



# Die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk en die voortbestaan van die Afrikanerdom – Dr. Pieter Möller

As Christengelowige glo die skrywer dat rasseskeiding 'n uitvloeisel van God se verbondsmatige beskikking is. Dit blyk uit die geskiedenis van die Kaapkolonie dat rasseskeiding vir 200 jaar sedert 1652, ironies genoeg, niks vreemds was nie.

Toe die Nasionale Konvensie (1908-1909), wat die weg moes voorberei vir die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, byeengekom het, was die swartes in Suid-Afrika reeds vier maal meer as die blankes en kon die Konvensie nie eenstemmigheid bereik oor stemreg vir nieblankes nie. Vanweë streng stemregkwalifikasies kon net 15% swartes (en kleurlinge) in die Kaap en 1% in Natal stem. In Transvaal en die Vrystaat het nieblankes nie stemreg gehad nie. Die gevolg was dat die vraag hoe die swartes hanteer moes word, aan die toekoms oorgelaat is.

Mettertyd het die getalleverhouding ten gunste van die swartes vergroot wat bekommernis oor 'n swart verswelging veroorsaak het. Dit het tot gevolg gehad dat die Herenigde Nasionale Party in 1947 'n Kleurvraagstuk Kommissie aangestel het. Die Apartheidsmanifes wat voor die 1948-verkiesing uitgevaardig is, was hoofsaaklik op die bevindings in die agtien bladsy lange verslag gebaseer, waarin dit blyk hoe belangrik billikheid en regverdigheid geag is: "Enige vorm van onderdrukking word dus verwerp as verkeerd, volkskadelik vir sowel die blankes as nieblankes, en in stryd met die beleid van apartheid." In die Apartheidsmanifes is verder uiteengesit wat die oogmerk met die beleid van apartheid was: "Die handhawing en beskerming van die blanke bevolking as 'n suiwer wit ras, en die handhawing en beskerming van die inheemse rassegroepe as aparte gemeenskappe met vooruitsigte om tot selfonderhoudende gemeenskappe in hul eie gebiede te ontwikkel." Hiermee is die verkiesing gewen en elke regdenkende sou hiermee, in teenstelling met die uitsprake van al die vyande en kritici, geen fout kon vind nie.

Ofskoon in hierdie manifes reeds voorsien is dat die verskillende swart volke in hul tuislande elk tot die status van 'n selfregerende staat kon vorder, het daar van die kant van die Engelse pers, liberaliste en geestelikes in Suid-Afrika 'n geweldige aanslag gevolg. Dit is weldra op allerlei wyses vanuit die buiteland, deur die Amerikaanse en Engelse regerings, kommuniste, geestelikes en die internasionale geldmag, ondersteun. "Apartheid" het 'n vloekwoord geword en later selfs 'n sonde teen die mensdom. Die ironie is dat apartheid in een of ander vorm wêreldwyd voorkom, waarvan Indië met sy kastestelsel 'n baie goeie voorbeeld is. Sedertdien is op 'n onware wyse verkondig dat apartheid/segregasie 'n Suid-Afrikaanse produk is en dat dr. Verwoerd die argitek daarvan is.

Om uitvoering aan tuislandontwikkeling te gee, is apartheid omvorm tot afsonderlike ontwikkeling. By die bespreking van die Eiselenverslag in die Volksraad is by monde van die Minister van Naturelle Sake op 27 Maart 1956 verklaar dat in die keuse tussen segregasie, integrasie en rassegelykstelling, segregasie gekies word omdat met integrasie die blanke se voortbestaan nie gewaarborg sou kon word nie. Dr. Verwoerd het verklaar dat die voorwaarde is dat aan die eise van reg en geregtigheid voldoen moes word en dat wat die wit man vir homself in sy eie land opeis, ook aan die swart man in sy gebiede gegun moes word. Uit die verdere verloop van die proses om aan die nege swart volke in Suid-Afrika volkome soewereiniteit in eie gebied te skenk, is dit baie duidelik dat die regering se bedoelings suiwer, eerlik en opreg was. Hierdie volke sou elkeen in sy eie gebied opgehef, opgevoed en begelei word om volkstrots en nasionalisme te ontwikkel en uiteindelik onafhanklik te word. Dan sou hulle as gelykes aan mekaar, maar ook aan blank Suid-Afrika, in vrede langs mekaar bestaan. Dit is voorsien dat hulle op hierdie tydstip saamgebind sou word in 'n Suid-Afrikaanse Gemenebes van Nasies. Politieke regte sou slegs in die eie gebied geniet kon word. Daar sou met dié beleid uiteraard ook gepoog word om die instroming van swartes na blanke stede te voorkom en trekarbeid deur die oprigting van grensnywerhede te beëindig sodat 'n werker bedags dáár kon werk en snags by sy eie huis kon slaap. Die nodige wetgewing het die proses aan die gang gesit en in 1963 het die eerste van hierdie state selfbestuur ontvang.

In pas met die internasionaliste se toekomsplanne vir Suid-Afrika, moes Amerika egter toesien dat sowel

Vervolg op bl. 32





# Kry ’n ruggraat, nie ’n wensbeen nie!

**Charlotte Fourie**

In die namiddagkalmte is ’n egpaar vir die eerste keer ná ’n warrelwindweek saam in die kombuis, besig met Vrydagaand se roerbraaiete. Die atmosfeer is gelaai met die eenvoud en lekkerte van hul ontspanne saamwees. Onverwags val ’n stormdonkerte soos ’n deken oor die kombuis en die atmosfeer is dik van die voor-die-storm-gevoel. Die egpaar se tiener is tuis.

## Tienerwees is nie so sorgeloos nie

Dit is nie ongewoon vir tieners om soms te voel asof daar onstuimige storms binne-in hulle woed nie. Dit is ook so dat hierdie “tienerstorms” ’n hele huishouding kan ontstig en die eenvoud van saamwees versteur. In werklikheid is hierdie innerlike storms dikwels ’n normale deel van die kind se groeiproses en sal dit met tyd vanself opklaar. Wanneer hierdie storms egter in orkane van angs, depressie, of selfs fisieke ongemak ontaard, is dit belangrik dat ouers met ’n fyner oog daarop sal let.

> **Die manier waarop tieners spanning hanteer, die keuses wat hulle maak en hoe hulle poog om van hierdie druk te ontsnap, is dikwels ’n ingewikkelde legkaart waaroor ouers gereeld net hulle koppe skud en meerderwaardig reageer: “Vandag se tieners darem.” Ouers moet egter ook erken dat die lewens van vandag se tieners dikwels veel meer gekompliseerd en veeleisend is as wat volwassenes besef.**

Elke geslag se tieners word deur die sosiale, politieke en ekonomiese omstandighede van hul tyd gevorm en elke geslag reageer ook verskillend daarop. Hedendaagse tieners leef egter in ’n vuurwarm mengelmoes van sosialemediaplatforms, versnellende tegnologiese vooruitgang, onmiddellike toegang tot enigiets en alles, ’n ongekende onsekerheid oor die toekoms en ’n uiters ongesonde fokus op die individu. Vir Afrikanertieners kan frustrasie en angs oor onregverdige arbeidspraktyke wat vir hul loopbane voorlê, ook by hierdie mengelmoes ingooi.

## Die druk wat tieners ervaar en hoe hulle soms daarop reageer

Vandag is die aard van tienerdruk aansienlik anders as wat dit in die verlede was en ouers moet bewus wees van tekens wat op tienernood dui. By sommige tieners is dit ’n onbeskofte antwoord of ’n onwilligheid om aan gesinsaktiwiteite deel te neem. Ander toon weer meer ekstreme vorme van risikogedrag.

Hedendaagse tieners ervaar gereeld groepsdruk, wat dikwels ’n gevolg is van die drang om by hul portuurgroep in te pas. Hierdie druk kan verskeie vorme aanneem, insluitend deelname aan partytjies waar alkohol sonder volwasse toesig gebruik word, aanlyn boeliegedrag, vandalisme en selfs druk om uitlokkende klere te dra.

’n Ander groot bron van druk is sosiale media, wat ’n groot rol speel om onrealistiese verwagtinge rondom voorkoms en lewenstyl te skep. In dieselfde tyd wat tieners hul identiteit ontdek en hul selfbeeld vorm, spandeer hul baie tyd op sosiale media om inspirasie en “rolmodelle” te vind. Hulle ervaar dan dikwels die druk om met die nuutste modes en giere “by te bly”. Sogenaamde smaakmakers (influencers) op verskeie sosialemediaplatforms het ’n baie groter houvas op tieners as wat rolprentsterre op vorige geslagte gehad het.

By dit alles is daar akademiese druk wat elke tiener anders hanteer. Met ’n verwagting van hoë punte om toegang te kry tot welvaartskeppende beroepe, ervaar baie tieners dikwels spanning wat hul geestesgesondheid nadelig beïnvloed. Byna ’n kwart van matrieks wat aan ’n opname van die Universiteit van Kaapstad deelgeneem het, het aangedui dat hulle moet rook om deur die skooldag te kom.[1]

1. https://bit.ly/3Ojwxzp

## ’n Gesonde ruggraat hou jou regop

Hierdie inligting en statistiek is genoeg om enige ouer vir aande wakker te hou, maar daar is hoop: ’n Gesonde ruggraat kan ’n kind regop hou en dit is nooit te laat om jou kind se ruggraat te versterk nie.

Dat tieners geen druk moet ervaar nie, is nie die oplossing nie. Gesonde druk vorm verantwoordelike volwassenes. Blootstelling aan uitdagings wat hul vermoëns toets, leer tieners hoe om te groei, aan te pas en oplossings vir probleme te vind. Dit bevorder die ontwikkeling van kritiese denke, tydsbestuur en besluitneming. Akademiese druk kan ’n tiener aanmoedig om selfdissipline te ontwikkel en deelname aan sport of ander buitemuurse aktiwiteite kan help om saamwerk, leierskap en toewyding te kweek. Gesonde druk kan ook ’n gevoel van genoegdoening en selfvertroue skep wanneer ’n tiener ’n uitdaging baasraak. Dit bou die fondasie vir ’n volwassenheid wat die kompleksiteite van die volwasse lewe met selfversekerdheid tegemoet kan gaan. Dr. Jeanette de Klerk-Luttig, skrywer van die boek *Waardes*, sê: “Harde werk vereis nie net ’n sterk ruggraat nie; dit bou ook een.”[2]

Ouers kan ’n kernrol speel deur ’n ondersteunende en gebalanseerde omgewing te skep. Een manier waarop ouers dit kan doen, is deur hoë, maar realistiese verwagtinge te stel en tieners te help om hul eie doelwitte stel. Ouers moet tieners ook aanmoedig om huishoudelike verantwoordelikhede op te neem. Dr. De Klerk-Luttig beklemtoon hoe belangrik dit is dat verantwoordelikheid, wat ook selfagting kweek, by tieners ingeskerp word. Verantwoordelikheid is ’n grondslag vir volwassenheid en tieners wie se karaktereienskappe nie mettertyd verantwoordelikheid insluit nie, sal nooit werklik volwaardig volwasse word nie. Sy voer aan dat selfagting begin wanneer kinders verantwoordelikheid vir hul eie keuses en optrede aanvaar. Ouers moet ook geleenthede vir karakterontwikkeling skep, eerder as om net daarop te fokus om hul kinders gelukkig te maak.

Die woorde van regter Phillip B Gilliam in 1959 het in 2012 weer opslae op sosiale media gemaak. Hy het gesê: “Tieners vra dikwels: ‘Wat kan ons doen? Waarheen kan ons gaan?’ My antwoord is: Gaan huis toe. Sny die gras, was die vensters, leer kook, bou ’n vlot, kry ’n werk. Besoek die siekes, leer jou lesse en lees ’n boek. Jou dorp skuld jou nie ontspanningsgeriewe nie, en jou ouers skuld jou nie pret nie. Die wêreld skuld jou niks nie. Dis jy wat die wêreld iets skuld. Jy skuld jou tyd, jou energie en talente sodat niemand weer in ’n oorlog hoef te veg of eensaam en siek sal wees nie. Kom uit jou droomwêreld en ontwikkel ’n ruggraat, nie ’n wensbeen nie. Begin optree soos ŉ verantwoordelike persoon.”[3]

2. https://bit.ly/3UIAO1i

3. https://bit.ly/3DGbBha

Vervolg vanaf bl. 30

## Die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk en die voortbestaan van die Afrikanerdom

nasionalisme en volkstrots as die beleid van afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika uitgewis word. Indien die blanke regering terselfdertyd met ’n swart regering vervang kon word, sou dit groot voordeel vir die geldmag inhou. Te oordeel na Tiny Rowland se *The Ugly Face of Neocolonialism in Africa*, het ’n hooggeplaaste uitvoerende amptenaar van die Anglo American Corporation in 1990 in ’n openhartige gesprek met ’n koerantman gesê: “We will make a lot more money out of a black government than out of a white one because they would be a lot easier to manipulate.” Eweneens sou Amerika en ander moondhede in so ’n geval groot baat vind by Suid-Afrika se rykdom aan ’n groot verskeidenheid van strategiese minerale. Verder sou hierdie internasionaliste ook nie kon toelaat dat in hierdie nege onafhanklike state vrede en voorspoed heers terwyl in die res van die Afrikastate, vanweë magshonger en korrupte leiers, armoede en ellende heers nie.

Die proses het tot ’n einde gekom toe die Nasionale Party (NP) onder leiding van FW de Klerk, in pas met die voorskrifte van ons volksvyande, onder druk geswig het en oogluikend toegelaat het dat die ANC/SAKP (Suid-Afrikaanse Kommunisteparty), met die oog op die NP se onderhandelings met hulle, hierdie state gedestabiliseer en gewelddadig ondermyn het. Dit het die beleid van afsonderlike ontwikkeling teen 1992 beëindig, terwyl die ontwikkeling van hierdie state goed op dreef was. Hierdie voormalige tuislande is derhalwe aan hul lot oorgelaat en net soos die blankes van Suid-Afrika deur die NP, aan die magte van die duisternis uitgelewer.

Dit is lankal tyd dat ons vyande, wat die Suid-Afrikaanse liberaliste, verraderlike politici (die wat nog lewe), geestelikes en media insluit, wat soveel argumente opgedis het waarom die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie kon slaag nie, nou openlik moet verklaar of die rampspoed, anargie en ineenstorting van alles en die lewensomstandighede van wit en swart, uitgesonder die korruptes wat hulself so kwistig verryk, nou beter is as wat dit tydens apartheid en afsonderlike ontwikkeling was.

# SMELTOOND



*• September 2023 •* **Deur Charlotte Möller**

# KERK WEES – ter wille van KERKWEES!

*Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die HERE gaan!* (Ps. 122:1)

Vra jy ware Christengelowiges waar hulle op ’n Sondag is, sal hul antwoord uit een mond klink: “Ons gaan kerk toe! Ons wil gaan luister wat die Here in sy Woord vir ons sê.”

In sy kommentaarartikel van 6 Junie 2023[1] skryf ds. Johan Schütte: “… om op ’n Sondag saam ander gelowiges in gemeenskaplike aanbidding voor God stil te word … [en] die Here in Gees en in waarheid [te] aanbid … is deel van die grootste geheimenisse in die heelal.”

Kerkwees is voorwaar ’n geheimenis, want die Here kies vir Hom sondaarmense om sy kerk op aarde te wees. Hierdie uit-genade-alleen-gereddenes, elkeen met sy of haar eie persoonlikheid en gawes is “… saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van [dieselfde] geloof” (vgl. NGB art. 27).

### Bybelse kerkwees – van Sondag tot Sondag

Ware, Bybelse kerkwees is ’n elke-dag-kerkwees met voortdurende gemeenskap tussen broeders en susters wat dieselfde glo. Dit is ’n praat oor die Bybel én oor die Here van die Bybel. Hoe onbeskryflik pynlik is dit dan wanneer kerkwees nie meer Bybels kan (of mag) wees nie. ’n Mens voel dan om saam met Totius (met diepe ontsag vir sy smart tóé) uit te roep:

“O! Die pyn-gedagte:
My [kerkwees] is dood …
dit brand soos ’n pyl in my.
Die mense sien …
die Here … die weet ek ly.”

In die verre verlede het die nood aan Bybelse kerkwees een van die grootste gebeurtenisse in die moderne geskiedenis tot gevolg gehad – die Kerkhervorming (Reformasie) van 31 Oktober 1517.

### Om dit dan teen die kerkdeur vas te moet spyker

Ons kan sê dat Bybelse kerkwees staan en val by die Reformasie se *sola scriptura*-leerstelling. In ons tyd, op eie bodem, ontkom kerkwees ook nie die aanslag van dwaalleer met betrekking tot hierdie leerstelling nie.

Gedurende ’n kerkraadsvergadering van 22 Junie 2023 (onder voorsitterskap van dr. Chris Saayman) besluit die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Tafelberg om die verband met die Ring van Kaap die Goeie Hoop, die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland en die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op te skort, “omdat so ’n stap voor God in die lig van sy Woord regverdig kan word”.

Dieselfde gemeente bely dat sy: “onwrikbaar staan by die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God, dat sy glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid, ooreenkom met die Woord van God …”

Die volgende redes word onder andere tot opskorting van die kerkverband gegee:

- Gemeentes, ampsdraers en lidmate ... en dosente leef nie meer hierdie leer getrou uit nie, weerlê nie dwalinge wat met hierdie leer in stryd is nie en weer dit nie uit die kerk nie.
- Die kerkverband is nie met aandag en ywer besig om die koninkryk van God in ons geknelde land uit te brei deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God nie.
- Predikante met hul gemeentes en dosente met hul studente het onnadenkende, onkritiese en selfs roekelose en onverskrokke navolgers van die tydsgees geword, hulle gaan op relatiewe en subjektiewe wyse met die Bybel om, hulle gee eie inhoud aan Bybelse waarhede oor die huwelik en seksualiteit, saamwoon van ongetroudes, die bestaan van die Bose en ander teologies-dogmatiese en teologies-etiese sake, hulle tree as bondgenote op van ideologies gedrewe groepe wat die kerk en kerklike vergaderinge binnegedring en die kerk en kerkvergaderinge vir hul eie agenda gekaap het.

### *Ecclesia reformata, semper reformanda secundum verbum Dei*[3]

’n Wyle kerk wees (buite kerkverband wees), ter wille van Bybelse kerkwees, is goed in die oë van die Here, want ’n gereformeerde, Bybelgetroue kerk móét voortdurend reformeer – volgens die Woord van God. Getrou aan die gereformeerde, Bybelse verstaan van kerkwees, sê die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Tafelberg dan dat sy “nie van voorneme is om ná opskorting van die kerkverband as ’n onafhanklike gemeente te bly voortbestaan nie en sal, soos dit ’n gereformeerde kerk betaam, bly soek na gemeentes, ringe en sinodes met wie daar op dieselfde grondslag, wat leer en lewe betref, in verband getree kan word”.

Die Here bewaar sy kerk (vgl. NGB art. 27) en hou die gereddenes deur beproewing op koers, sodat hulle in die geloof kan groei. ☺

-----------------------------------------------------

1. https://bit.ly/44W3okL
2. Lees die Akte van Opskorting hier: https://bit.ly/44Sbfja
3. Sien die voorwoord tot *Kerkorde 2023* (AP Kerk).

DIE HELPENDE HAND
STUDIETRUST

# Die Solidariteit Helpende Hand **Studietrust**

**Die hart van die Helpende Hand Studietrust (HHS) word weerspieël in die kragtige simboliek van die visie:** *"Sewe Generasies van Hoop gegrond in Studie".*



**"Die karakter van 'n volk lê in hoe die uitdagings van die hede hanteer word."**

**~ Hannes Noëth**
Uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand

Daarom is die HHS dié meganisme en platform om die jeug te bemagtig en voor te berei om sosio-ekonomiese uitdagings deur studie die hoof te bied, én hulle roeping te vervul!

Die HHS, 'n inisiatief van **Solidariteit Helpende Hand**, is in 2009 gestig as platform vir donateurs om behoeftige Afrikaanse studente te help om deur middel van **rentevrye studielenings** te studeer. Dié model verskaf 'n volhoubare benadering met 'n kontinue sirkel wat voortdurend aan nog 'n student of studente die **geleentheid bied** om met 'n rentevrye studielening te studeer.

## *Maniere om* BETROKKE TE RAAK

- Stig jou eie studiefonds
- Testamentêre bemaking
- Eenmalige of maandelikse skenkings met belastingvoordeel
- Skenk jou tweedehandse klere of huisraad aan 'n Ons Winkel

### *KONTAK ONS*

(012) 111 8360
studietrust@helpendehand.co.za
www.hh-studietrust.co.za

### *ONDERSTEUN ONS:*

Bankbesonderhede
Die Helpende Hand Studietrust
FNB
Rekeningnommer: 623 314 47541
Takkode: 261550
Verwysing: ST/NK/U naam en van

SnapScan

Aantal studente – 6 388 | Bedrag uitbetaal – R271 678 191
Jaar – 14 | Toekennings – Meer as 12 000

# WAT VERWAG GOD VAN MANNE (ÉN SEUNS)?

JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 175 • September 2023

God het manne en vroue na sy beeld gemaak en Hy het aan elkeen ’n spesifieke taak en verantwoordelikheid gegee. So sien ons in die Bybel dat God manne leer om ’n positiewe invloed in hul gesinne, die gemeenskap, die kerk en by die werk uit te oefen deur op ’n Bybelse manier man te wees.

Daar staan veral twee belangrike dinge uit: Manne moet leer om op ’n Bybelse manier in hul gesinne leierskap te beoefen; hulle moet voorbeelde wees van integriteit, moedigheid en nederigheid.

## DIE INTEGRITEIT VAN JOSEF

Josef, een van die seuns van Jakob, kan as ’n goeie voorbeeld van integriteit (om eerlik en beginselvas te wees) dien. Hy weerstaan Pótifar se vrou se verleiding om sonde te doen, selfs al sou dit hom ’n groot voordeel gegee het. Hierdie optrede van integriteit het hom in die tronk laat beland, maar dit het hom ook gehelp om sy reputasie as ’n betroubare en getroue man te vestig (vgl. Gén. 39). Josef was nie sonder foute nie, maar hy is ’n goeie voorbeeld van integriteit.



## DIE MOED VAN DAWID

Dawid, een van die bekendste Bybelfigure, kan as 'n goeie voorbeeld van moed en dapperheid gebruik word. Hy het Góliat, 'n reus van 'n man, met net 'n slingervel en 'n klip verslaan. Hierdie optrede van dapperheid het hom 'n held onder die mense gemaak. Later het God hom tot koning van Israel gekroon. Al het Dawid baie sonde gedoen, is hy vir ons 'n voorbeeld van moedigheid (vgl. 1 Sam. 17).

## DIE NEDERIGHEID VAN MOSES

Moses kan as 'n goeie voorbeeld vir nederigheid gebruik word. Hy was 'n groot leier van die Israeliete, maar het nooit sy posisie misbruik en homself belangriker as sy volksgenote geag nie. Hy het sy lewe daaraan gewy om God en sy mense te dien. Hy het homself as 'n instrument in God se hande beskou. Al het Moses ook foute gemaak, is hy vandag steeds vir ons 'n goeie voorbeeld van nederigheid en diensbaarheid (vgl. Núm. 12:3).

As manne (én seuns) ons Bybelse roeping ernstig opneem, kan ons die samelewing en die kerk op 'n positiewe manier beïnvloed. Ons kan lei deur 'n voorbeeld van godvrugtigheid en diensbaarheid te stel en ons kan 'n verskil in die lewens van mense maak. Dit beteken egter dat ons bereid moet wees om onsself op te offer deur ander te dien en te beskerm. As manne moet ons ons naaste se belange bo ons eie stel.

Jesus Christus is die perfekte voorbeeld van hierdie soort manlikheid. Hy het 'n lewe van volmaakte gehoorsaamheid aan sy Vader gelei. Hy het uit liefde vir ons 'n voorbeeld van nederigheid geword deurdat Hy as 'n dienaar sy naaste gedien en selfs sy lewe as losprys vir ons sondes gegee het. Die Here Jesus het ook 'n voorbeeld gestel van moed en standvastigheid deur te bly dien, selfs toe dit moeilik geword het – dink maar aan die kruis. Deur Homself vir ons op te offer, het Hy getoon wat ware manlikheid is. Alle manne én seuns moet Hom as rolmodel gebruik. Ons moet sy voorbeeld van diensbaarheid, nederigheid, moedigheid en standvastigheid navolg.

Groete, ds. Henning

# Die verstandige man (Mt. 7:24-29)




© 2007 Gospel Light. The Really Big Book of Bible Story Coloring Pages

# DIENSBAARHEID

*Opgestel deur Daleen Pienaar*

**DIT WERK SO:** (1) Gebruik die leidrade om die blokkie te voltooi. (2) Skommel die 4 letters in die sirkels en vind so die antwoord van die kosbare gawe wat deur die werking van die Heilige Gees, in jou hart bewaar moet word (2 Tim. 1:14).





Die genadegawes wat God aan jou geskenk het, kan deur onbruik verval, vergete raak of jy kan in die gewoonte kom om dit nie meer te gebruik nie. Paulus gee egter raad: Die genadegawes moet "aangewakker" word – deur ernstige gebed en toegewyde Bybelstudie. (Erkenning: Ds. Adri van Staden. *Onder Sy heerskappy*, 18 Julie 2022)

## DWARS

3. Vakman met vaardigheid (Ex. 36:1)
6. Deur die Evangelie aan die lig gebring (2 Tim. 1:10)
7. Vreugde (2 Tim. 1:4)
9. Die tent van ontmoeting (Ex. 36:1)
10. Hy het die dood oorwin (2 Tim. 1:10)
12. Soveel as wat nodig is (Ex. 36:7)
15. Timótheüs moet dit bewaar (2 Tim. 1:14)
17. Om opdragte te gee (Ex. 36:1)
18. Begaafdheid en kennis (Ex. 36:1)
19. Timótheüs se moeder (2 Tim. 1:5)

## AF

1. God se soewereine besluit (2 Tim. 1:1)
2. Paulus se roeping (2 Tim. 1:11)
3. Om te verkry (Ex. 36:3)
4. Vakman met kennis en verantwoordelikheid (Ex. 36:1)
5. Daardeur het die lig gekom (2 Tim. 1:10)
8. Materiaal vir die tabernakel (Ex. 36:7)
9. Innerlike menswees (Ex. 36:2)
11. Aangespoor, aangemoedig (Ex. 36:2)
12. God se guns (2 Tim. 1:2)
13. Apostel van Jesus Christus (2 Tim. 1:1)
14. Timótheüs se ouma (2 Tim. 1:5)
16. Hy gee bevele aan die vakmanne (Ex. 36:1)



## DIE TABERNAKEL (EXODUS 35-40)

Dit was ’n warm dag in die middel van die woestyn en die kinders van Israel was hard aan die werk. Hulle was besig om ’n tent te maak. Dit was ’n spesiale tent wat hulle vir die HERE maak en daarom het hulle ekstra hard gewerk. Hulle het hierdie tent die *tabernakel* genoem. Die vroue was besig om gordyne te weef en die manne was besig om tentpenne van hout te maak. Omdat hulle dit vir die HERE gemaak het, het hulle alles mooi versier. Moses het ook vir die Israeliete gevra om goud en juwele te gee wat hulle kon smelt om spesiale voorwerpe te maak. Hierdie voorwerpe moes hulle in die HERE se tent gebruik. Hulle het dit graag gedoen – almal wou iets gee. Hulle het dit mos vir die HERE gedoen. Moses het die goue ringe en ander juwele gesmelt. Hulle sou nie weer ’n beeld van ’n kalf maak soos vroeër nie. Moses het presies geweet wat om te doen, want God het hom gewys.

Daar moes twee vertrekke in hierdie tent wees, ’n kleintjie en ’n grote. Die grote moes die *Heilige* genoem word en die kleintjie die *Allerheiligste*. In die Allerheiligste moes hulle die *ark van die verbond* sit. Die ark was ’n houtkis wat met goud oorgetrek moes word. In hierdie kis moes Moses die twee plat klippe sit waarop God die wet geskryf het. Moses moes ook ’n bietjie manna in ’n houer sit en dit in die ark plaas. Laastens moes

Aäron se staf ook die ark gesit word. Alles wat hulle in die ark van die verbond moes sit, het 'n spesiale betekenis gehad en daarom moes hulle dit mooi oppas sodat dit nie verlore raak nie. Bo-op die kis moes hulle 'n spesiale deksel sit. Op die deksel moes hulle 'n goue beeld van twee engele wat kniel, plaas. Wanneer ons Jesaja 6 lees, kom ons agter dat hierdie engele op die ark amper soos die engele in Jesaja se droom, voor God se troon buig.

Die Here het ook vir Moses gewys wat hy in die Heilige van die tent, die groter kamer van die tabernakel, moes sit. Daar moes 'n altaar wees waarop hulle lekkerruikgoed kon brand, 'n kandelaar met sewe lampe wat altyd aan die brand gehou moes word en 'n tafel waarop hulle spesiale brood moes sit.

Rondom die tabernakel moes hulle 'n heining span. Aan die binnekant van hierdie heining moes hulle nog 'n groot altaar en 'n koperbak met water sit waar die priesters hulself kon was. Hulle het dit die *voorhof* genoem.

Uiteindelik was die tabernakel klaar. Dit was vir die Here mooi. Om vir die kinders van Israel te wys dat Hy van nou af by hulle sou wees, het die wolkkolom wat God vir hulle gegee het tot oor die tabernakel geskuif. Almal kon dit sien. God het vir hulle gewys dat Hy van nou af by hulle sou bly. Die Israeliete was baie opgewonde en het nadergestaan. In die voorhof het hulle Aäron gesien. Hy het spesiale nuwe klere aangehad. Aan die onderkant van sy lang jas was daar klokkies wat saggies gelui het. Aäron was die hoëpriester. Die Here het hom gekies om die spesiale werk in die tabernakel te doen. Sy seuns moes hom help omdat God hulle gekies het om sy priesters te wees.

Aäron het na die groot waskom gestap. Daar het hy sy hande en sy voete gewas. Hy moes rein wees om die Here te dien. Toe hy klaar was, het hy 'n lammetjie geslag en dit op die groot altaar gesit. Die lammetjie is in Israel se plek doodgemaak. Hulle was sondaars wat baie verkeerde dinge gedoen het, maar hulle kon bly lewe omdat God 'n ander een in hulle plek gestraf het. Skielik het almal opgekyk. Uit die hemel het daar 'n vuur gekom wat presies op die altaar geland het. Die offerlam op die altaar het begin brand. Die Here het self die offer aangesteek. Die Israeliete het nou geweet dat hulle saak met God weer reg was. Dit het hulle baie opgewonde gemaak!

# WAT IS BYBELSE MANLIKHEID?[1]




**In ons dag en tyd kom ons agter dat die beeld van manlikheid deur ons samelewing afgebreek word. Om man te wees beteken vandag nie meer veel nie – dit word gesien as iets wat sleg (toksies) vir die samelewing is.**

*1. Derdejaar teologiese student aan die AP Akademie.*

Maar dan swaai die gedagte van manlikheid ook weer in ’n ander rigting. Ons kry figure wat manlikheid op ’n baie vreemde manier verpak. Soms mooi, maar ander tye neem manlikheid die rol van ’n diktator of slawe-eienaar aan.

As ons ons Bybels oopmaak by 1 Timótheüs 6:11, sê die apostel Paulus vir ons die volgende: *Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid.*

Maar wat bedoel Paulus hier? Hy sê vir ons as manne van God: Jaag ná die dinge van God, naamlik:

## GEREGTIGHEID

Die geregtigheid waarvan Paulus hier praat, is ’n praktiese geregtigheid. Hy kom sê vir ons as manne: Leef met eerlikheid voor God en voor die mense. Wees reg met God en wees regverdig in jou verhoudings met die mense rondom jou.

## GODSALIGHEID

Godsaligheid en geregtigheid loop hand aan hand. Om Godsalig te leef, begin met ’n biddende hart: Manne van God het die Here lief en dien Hom met “eerbiedige vrees” (vgl. Hebr. 12:28). Want manne van God hou

hulleself nie op met die sonde nie; manne van God veg teen die sonde en maak dit dood.

## GELOOF

Manne van God moet op Hom vertrou ín alles en mét alles. Ons leef deur die geloof: Ons weet God is ons Skepper; ons weet Hy is almagtig en in beheer van alles wat mét ons en ín hierdie wêreld gebeur. Dit is dus noodsaaklik vir ons om getrou aan sy Woord te leef en te doen wat Hy van ons verwag om te doen.

## LIEFDE

As manne van God moet ons, in plaas van ongeduld en twis, in liefde leef en optree. Natuurlik sal daar tye wees waar 'n man gaan kwaad word en daar gaan tye wees waar jy 'n hou wil slaan of iets lelik wil sê. Maar 'n man van God moet homself daarvan weerhou en die liefde van God onthou, toe Hy vir jou lief was en jy nie waardig was om voor lief te wees nie.

Wees vir die mense om jou 'n voorbeeld van die liefde van God wat Hy aan ons bewys het toe Hy sy enigste Seun vir ons gestuur het om vir ons sondes te kom sterf. Wees lief genoeg vir hulle om hul voete te was, maar ook lief genoeg om die waarheid aan hulle te vertel as hulle nie wandel soos God dit wil hê nie.

## LYDSAAMHEID

Om lydsaam te leef, is om te volhard tot die einde toe en nie in te gee tot dit – die sonde – wat dreig om jou hart te verniel nie. Ons as manne van God moet volhard in die leer en leef volgens God se Woord, al raak dit soms moeilik. Al val ons en struikel ons soms, dra die Gees van God ons genadiglik daardeur en Hy hou ons staande. Ons moet volhard soos Jesus gedurende sy kruisiging volhard het. Ons moet altyd die wenpaal in gedagte hou!

## SAGMOEDIGHEID

As manne van God moet ons nie liggaamlike krag gebruik om daarmee iets te probeer bewys nie. Ons moet ons krag onder beheer hou; ons moet rustig bly in situasies waar ons dikwels te vinnig onrustig raak en gewelddadig optree. Onthou altyd hoe die Here Jesus sy krag en gesag met nederigheid en sagmoedigheid uitgeoefen het. Hy is die perfekte beeld om na te streef. Hy is die Beeld van ware Bybelse manlikheid.